Verslag MM-90 1982

# Beroepstudie van verpleegkundiges Deel 1 1981 Finalejaarstudente

Gerrie Cilliers

RGN · HSRC

001.3072068 HSRC MM 90

BIBLIOTEEK
LIBRARY
RGN
RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING
HSRC
HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL
RGN·HSRC

057975/0

Beroepstu
Deel 1 198

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1985 -10- 3 1
1986 -02- 1 9
1986 -0 - - 5
7
3 0 NOV 1991

0000253666

001.3072068 HSRC MM 90

*025366*

Verslag MM-90

# Beroepstudie van verpleegkundiges Deel 1 1981 Finalejaarstudente

Gerrie Cilliers

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1982

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1982 -12- 15
STANDKODE
001.3072068
HSRC MM 90
BESTELNOMMER
G
REGISTERNOMMER
057975
0

Gerrie Cilliers M.A. (SW) Senior Navorser

Instituut vir Mannekragnavorsing

Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 86965 944 8

Prys: R5,40
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1982
Alle regte voorbehou

Gedruk deur Compuprint

# VOORWOORD

Die Instituut vir Mannekragnavorsing het gedurende die afgelope aantal jare verskeie studies onderneem oor beroepe in gesondheids- en welsynsdienste in die RSA. 'n Aantal verslae is reeds gepubliseer, byvoorbeeld dié oor arbeids-, fisio- en spraakterapeute, dieetkundiges, radiografiste en maatskaplike werkers.

Gedurende 1981 is 'n aanvang gemaak met 'n longitudinale studie oor verpleegkundiges. Die oogmerke van hierdie ondersoek is om enersyds 'n studie te maak van die motivering, verwagtings en beroepspatroon van verpleegkundiges gedurende die eerste vyf jaar nadat hulle gekwalifiseer het en andersyds 'n retrospektiewe beeld te kry van die beroepsbeoefening en -patroon van geregistreerde verpleegkundiges wat gedurende 1981 in die beroep gestaan het. Hierdie verslag handel hoofsaaklik oor die beroepsmotivering en -verwagtings van die 1981-finalejaarstudente. Verdere verslae sal mettertyd gepubliseer word.

Langs hierdie weg word hartlike dank betuig aan die Direkteur-generaal van die Departement van Gesondheid en Welsyn, die Direkteure van die Departemente van Hospitaaldienste van die vier provinsies en die Sekretarisse van Gesondheid en Welsyn van die nasionale state vir toestemming om die ondersoek by hulle inrigtings te onderneem; aan die ad hoc-advieskomitee vir waardevolle inligting en kommentaar op konsepvraelyste; aan die SA Verpleegstersvereniging vir hulp verleen; aan die prinsipale van opleidingsinrigtings wat behulpsaam was met die verspreiding en terugsending van vraelyste en aan die respondente wat vraelyste ingevul het en die RGN steeds op die hoogte hou van hulle adresveranderings. Sonder laasgenoemde sal die ondersoek nie kan voortgaan nie.

Dank word ook betuig aan die Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN vir raad en leiding ten opsigte van statistiese verwerkings en aan die Buro vir Ondersteunende Dienste vir rekenaarverwerkings, taalversorging en die druk en publikasie van die verslag.

DIREKTEUR

Augustus 1982

INHOUD


| HOOFSTUK | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond | 1 |
| 1.2 | Doelstelling | 1 |
| 1.3 | Metode van ondersoek | 1 |
| 2 | AGTERGROND VAN RESPONDENTE | 4 |
| 2.1 | Inleiding | 4 |
| 2.2 | Burgerskap, bevolkingsgroep en huwelikstaat | 4 |
| 2.3 | Ouderdom, geslag en kindertal | 5 |
| 2.4 | Beroep van eggenoot | 5 |
| 3 | OPLEIDING EN KWALIFIKASIES | 10 |
| 3.1 | Inleiding | 10 |
| 3.2 | Kwalifikasies | 10 |
| 4 | BEROEPSBEOEFENING | 14 |
| 4.1 | Inleiding | 14 |
| 4.2 | Motivering en belangstelling | 14 |
| 4.3 | Toekomsplanne ná basiese opleiding | 25 |
| 5 | SAMEVATTING | 36 |
| 6 | SYNOPSIS | 38 |
| | BYLAE : VRAELYS | 40 |
| | BRONNELYS | 45 |

TABELLE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | ONDERSOEKGROEP VOLGENS INSTANSIE WAT OPLEIDING VERSKAF | 2 |
| 1.2 | RESPONDENTEGROEP VOLGENS KURSUS IN 1981 GEVOLG | 3 |
| 2.1 | BEVOLKINGSGROEP VOLGENS TAALGROEP | 4 |
| 2.2 | HUWELIKSTAAT VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 5 |
| 2.3 | OUDERDOM VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 6 |
| 2.4 | OUDERDOM VOLGENS GESLAG | 6 |
| 2.5 | RESPONDENTE MET EN SONDER KINDERS, VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 7 |
| 2.6 | RESPONDENTE MET EN SONDER KINDERS, VOLGENS HUWELIKSTAAT | 7 |
| 2.7 | BEROEP VAN EGGENOOT VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 8 |
| 2.8 | BEROEP VAN EGGENOOT VOLGENS GESLAG VAN RESPONDENT | 9 |
| 3.1 | NASKOOLSE KWALIFIKASIES WAT RESPONDENTE REEDS BEHAAL HET, VOLGENS KWALIFIKASIE WAT HULLE GEDURENDE 1981/1982 BEHAAL | 11 |
| 3.2 | 1981/82 VERPLEEGKUNDIGE KWALIFIKASIE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 11 |
| 3.3 | 1981/82 VERPLEEGKUNDIGE KWALIFIKASIE VOLGENS OUDERDOM | 12 |
| 3.4 | OPLEIDINGSINRIGTING WAAR RESPONDENTE BEOOG OM STUDIES VOORT TE SIT, VOLGENS BEOOGDE STUDIERIGTING | 13 |
| 4.1 | TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE VOLGENS OPLEIDINGSINSTANSIE | 26 |
| 4.2 | TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT NIE IN 1982 VOLTYDS VERDER GAAN STUDEER NIE | 27 |
| 4.3 | 1983-TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT IN 1982 VOLTYDS VERDER GAAN STUDEER HET, VOLGENS STUDIERIGTING IN 1982 | 29 |
| 4.4 | TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT NIE IN 1982/83 GAAN VERPLEEG NIE, VOLGENS KWALIFIKASIE IN 1981 BEHAAL | 30 |
| 4.5 | REDES WAAROM RESPONDENTE DIE VERPLEEGBEROEP VERLAAT | 30 |
| 4.6 | UUR PER WEEK WAT RESPONDENTE BEREID IS OM TE WERK, VOLGENS KWALIFIKASIE | 33 |
| 4.7 | RESPONDENTE WAT BEREID IS OM, OP 'N DEELTYDSE BASIS, NAWEKE TE WERK EN NAGDIENS TE DOEN, VOLGENS KWALIFIKASIE | 34 |
| 4.8 | BELANGRIKSTE REDES WAAROM VERPLEEGBEROEP MOEILIKER AS ANDER BEROEPE VERSOENBAAR IS MET ROL VAN GESINSVROU/MOEDER | 34 |

FIGURE

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | MOTIVERING VAN RESPONDENTE OM VERPLEGING AS BEROEP TE KIES | 15 |
| 4.2 | REDES WAAROM RESPONDENTE VERPLEGING AS BEROEP KIES VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 16 |
| 4.3 | VERPLEEGKUNDIGE BELANGSTELLINGSRIGTING VAN RESPONDENTE | 18 |
| 4.4 | VERPLEEGKUNDIGE BELANGSTELLINGSRIGTING VAN RESPONDENTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 19 |
| 4.5 | WERKGEWERKEUSE VAN RESPONDENTE | 22 |
| 4.6 | WERKGEWERKEUSE | 23 |
| 4.7 | TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTEGROEP | 28 |
| 4.8 | FAKTORE WAT RESPONDENTE BEÏNVLOED HET OM UIT DIE VERPLEEGBEROEP TE TREE | 31 |
| 4.9 | REDES WAAROM VERPLEEGKUNDIGES UIT DIE BEROEP BEDANK | 32 |
| 4.10 | VERSOENBAARHEID VAN VERPLEEGBEROEP MET ROL VAN GESINSVROU/MOEDER VOLGENS BEVOLKINGSGROEP | 35 |

## SUMMARY

During 1981 the HSRC started an investigation into the work situation and occupational pattern of nurses in the RSA. The first phase of the investigation, in which 1981 final year students were involved, was completed at the end of 1981. Completed questionnaires were received from 2 108 students who, during 1981 would qualify for a first basic registration.

This report outlines the background of final year nursing students in respect of population group, age, sex, marital status and educational qualifications already obtained. The motivation and field of interest and future plans of respondents are discussed and certain aspects of job satisfaction pinpointed.

Students of all population groups in the RSA were included. The ration of Asians : Coloured : Black : White respondents was approximately 1 : 4 : 10 : 14. The median age of the survey group was 23 years while that of Black respondents was slightly higher than that of the others (25,4 years). Most of the respondents (79,2 %) were unmarried at the time of the investigation. A very small percentage were males (2,4 %).

A larger percentage of White respondents than the other population groups registered for the integrated course that leads to a diploma/degree in all three basic qualifications.

The respondents' main field of interest and choice of employer was in community health services. Almost three-quarters of the respondents intended studying further during 1982 and of those who were not going to further their studies, 70,8 % were going to work as nurses. A loss of at least 14,5 % of the 1981 finalists may be expected during the next two years. Inadequate wages, unsatisfactory working hours and job circumstances were the main reasons for respondents deciding to leave the nursing profession.



## OPSOMMING

Gedurende 1981 het die RGN begin met 'n ondersoek na die werksituasie en beroepspatroon van verpleegkundiges in die RSA. Die eerste fase van die ondersoek, waarby 1981 finalejaarstudente betrek is, is aan die einde van die betrokke jaar afgesluit. Ingevulde vraelyste is van 2 108 studente wat gedurende 1981 vir 'n eerste basiese registrasie sou kwalifiseer, ontvang.

In hierdie verslag word 'n oorsig gegee van die agtergrond van finalejaar-verpleegkundestudente met betrekking tot bevolkingsgroep, ouderdom, geslag, huwelikstaat en reeds verworwe opvoedkundige kwalifikasies. Die motivering, belangstellingsrigting en toekomsplanne van respondente word bespreek en enkele aspekte van werktevredenheid word uitgelig.

Studente van alle bevolkingsgroepe in die RSA is ingesluit. Die verhouding van Asiër : Kleurling : Swart : Blanke respondente was ongeveer 1 : 4 : 10 : 14. Die mediaanouderdom van die ondersoekgroep was 23 jaar terwyl dié van Swart respondente effens hoër was as die ander (25,4 jaar). Die meeste (79,2 %) was ongetroud tydens die ondersoek. 'n Baie klein persentasie (2,4 %) was mans.

'n Groter persentasie van die Blanke respondente as ander bevolkingsgroepe het ingeskryf vir die geïntegreerde kursus wat lei tot 'n diploma/graad in al drie basiese kwalifikasies.

Die hoof-belangstellingsrigting en keuse van werkgewer van respondente het in gemeenskapsgesondheidsdienste gesentreer. Byna drie kwart van die respondente was van voorneme om gedurende 1982 verder te studeer en van dié wat nie sou gaan studeer nie, sou 70,8 % as verpleegkundiges gaan werk. 'n Verlies van minstens 14,5 % van die 1981-finaliste kan gedurende die volgende twee jaar verwag word. Onvoldoende besoldiging, onbevredigende werkure en werkomstandighede het hoofsaaklik bygedra tot die besluit van respondente om die verpleegberoep te verlaat.

HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND

Gesondheidsdienste is in 'n groot mate afhanklik van verpleegkundiges. Sonder die verpleegkundige kan byvoorbeeld die hospitaal in die moderne samelewing nie funksioneer nie.

Verpleging is oorwegend 'n vroueberoep en die oorgrote meerderheid van diegene wat verpleging as beroep kies, is jong ongetroude vroue wat meestal na enkele jare in die huwelik tree en gesinsverpligtinge aanvaar. Baie verpleegkundiges verlaat die beroep gedurende die eerste vyf jaar ná kwalifisering, sommige werk vir 'n tydperk, verlaat die beroep maar keer later weer terug en slegs sommige werk deurlopend (Knopf 1975: 1). Die erosie uit die beroep is dus, soos in die meeste beroepe wat hoofsaaklik deur vroue beoefen word, groot. Toenemende bedankings uit die beroep het egter veral gedurende die afgelope vyf jaar tot werklike kommer oor die voorsiening van verplegingsdienste aanleiding gegee en dit het duidelik geword dat stappe gedoen sou moes word om die toenemende tekorte die hoof te bied. Sinvolle stappe kan egter beswaarlik gedoen word sonder kennis van die huidige werksituasie en die identifisering van die faktore wat aanleiding tot die toenemende bedankings gee en daarom word hierdie ondersoek oor die verpleegberoep onderneem.

Ten einde 'n volledige beeld van die beroepspatroon van verpleegkundiges te kry, word die ondersoek in verskillende fases onderneem. Ten eerste is finalejaarstudente betrek om te bepaal watter persentasie van hulle direk ná voltooiing van hul studies uit die beroep tree en watter bydrae hulle lewer tot dié beroep waarvan die opleiding 'n groot uitgawe vir die Staatskas is. Die tweede fase van die navorsing behels 'n ondersoek na die werksituasie van diensdoende geregistreerde verpleegkundiges. Hierdie ondersoekgroep word opgevolg en die diensdoende verpleegkundiges word versoek om by bedanking 'n vraelys in te vul wat 'n aanduiding van die aanleidende oorsake gee. Die derde en vierde fase sluit die opvolging van die 1981-finalejaarstudente in.

Hierdie verslag handel oor die eerste fase, naamlik dié verpleegkundiges wat gedurende 1981 'n eksamen afgelê het waardeur hulle toegang tot registrasie vir een of meer basiese kwalifikasies by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging kon kry. Dié verslag is die eerste in 'n reeks verslae wat, namate inligting beskikbaar word, gelewer sal word. Die verwagting is dat 'n oorkoepelende beeld van die beroepspatroon van gekwalifiseerde verpleegkundiges oor vyf jaar, wanneer die laaste vraelys aan die 1981-finaliste gestuur word, verkry sal word.

## 1.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van fase 1 van die ondersoek is soos volg:

(a) om 'n algemene beeld te kry van verpleegkundiges wat tot hulle finale studiejaar gevorder het;

(b) om hulle motivering vir die keuse van verpleegkunde as loopbaan vas te stel;

(c) om 'n oorsig te kry van die belangstellingsrigtings van hierdie verpleegkundiges en

(d) om die onmiddellike toekomsplanne van die studente te ontleed.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Samesprekings is gevoer met leiers in die beroep in die RSA en literatuurstudie is gedoen. Onderhoude is ook gevoer met navorsers in die VSA wat jare lank navorsing onderneem oor verskillende aspekte van die beroep en ook 'n soortgelyke navorsingsprojek as die onderhawige oor 'n tydperk van 15 jaar gedoen het. Waardevolle wenke en inligting is van laasgenoemde verkry. Toestemming is verleen deur die Direkteurs-generaal van die Departemente van Gesondheid en Welsyn, Gevangeniswese, Verdediging en

die Direkteure van Hospitaaldienste van die vier provinsies om voort te gaan met die ondersoek. Van die Sekretarisse van Gesondheid en Welsynsdienste van die nasionale state is ook vooraf toestemming verkry om verpleegkundiges in die nasionale state by die ondersoek te betrek. Ten tyde van die aanvang van die ondersoek was Ciskei nog nie 'n onafhanklike staat nie, maar ná onafhanklikwording het die betrokke owerhede te kenne gegee dat hulle begerig is om steeds deel te hê aan die ondersoek. Die projekleier en twee kollegas het opleidingskolleges vir verpleegkundiges, hospitale en universiteite besoek, met sommige is telefonies of by wyse van 'n brief kontak gemaak ten einde samewerking te bewerkstellig en die verwagte getalle van finalejaarstudente vas te stel. Heelhartige samewerking is oor die algemeen ervaar. 'n Advieskomitee vir die projek is saamgestel uit verteenwoordigers van die SAVV, die universiteite en die Departement van Gesondheid en Welsyn.

### 1.3.1 *Die ondersoekgroep*

Daar is gepoog om alle finalejaar-kwalifiserende verpleegkundiges wat ná suksesvolle aflegging van hulle eksamen in 1981 sou kwalifiseer vir registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, in hierdie fase van die ondersoek te betrek. Die verwagte getalle is van die verskillende opleidingsinrigtings asook van die Departemente van Gesondheid en Welsynsdienste van die nasionale state verkry. Vraelyste is aan die opleidingsinrigtings, die Departement van Verdediging en die Departemente van Gesondheid en Welsynsdienste van die nasionale state gestuur met die oog op verspreiding aan studente in hulle finale studiejaar net voor aflegging van die finale kwalifiserende eksamen. In tabel 1.1 word die ondersoekgroep volgens opleidingsinstansie aangedui. Die persentasie in die tabel is bereken op grond van die getal ingevulde vraelyste wat terug ontvang is van die instansie wat verantwoordelik is vir die opleiding van studente.

TABEL 1.1

ONDERSOEKGROEP VOLGENS INSTANSIE WAT OPLEIDING VERSKAF

| Opleidinginstansie | Respondente ingesluit in ondersoekgroep | |
|---|---|---|
| | N | % |
| Departement van Gesondheid en Welsyn (staatshospitale) | 8 | 6,0 |
| Provinsiale hospitale en opleidingskolleges: | | |
| Transvaal | 689 | 88,6 |
| Natal | 358 | 92,7 |
| Kaapprovinsie | 626 | 91,0 |
| Oranje-Vrystaat | 59 | 72,8 |
| Privaathospitale | 1 | 7,1 |
| Nasionale state | 226 | 96,6 |
| Departement van Verdediging (militêre hospitale) | 6 | 100,0 |
| Universiteite | 135 | 82,8 |
| TOTAAL | 2 108 | 84,8 |

Die ingevulde vraelyste wat nie gebruik is nie, is dié van verpleegkundiges wat reeds 'n basiese kwalifikasie het en in 1981 met na-basiese opleiding besig was by inrigtings aan wie vraelyste gestuur is.

In tabel 1.2 word 'n aanduiding gegee van die respondentegroep in vergelyking met die getal studente wat volgens gegewens van die SAVR en die universiteite gedurende 1981 eksamen afgelê het met die oog op 'n eerste basiese kwalifikasie.

TABEL 1.2

RESPONDENTEGROEP VOLGENS KURSUS IN 1981 GEVOLG

| Kursus gevolg | Getal eksamen afgelê | Respons | % |
|---|---|---|---|
| Algemene verpleegkunde | 3 029 | 1 713 | 56,6 |
| Algemene, kraam- en psigiatriese verpleegkunde | 870 | 368 | 42,3 |
| TOTAAL | 3 899 | 2 081 | 53,4 |
| Kwalifikasie nie aangedui nie | | 27 | |

Die verslag handel oor die 2 108 respondente wat gedurende die tydperk Januarie 1981 tot Januarie 1982 sou kwalifiseer vir 'n eerste basiese registrasie. Daar kan nie bewys word dat die ondersoekgroep statisties verteenwoordigend van die universum is nie, omdat inligting oor die struktuur van die universum ontbreek en die verkreë steekproef uit die aard van die saak nie ewekansig getrek kon word nie. Volgens tabel 1.2 maak die ondersoekgroep egter meer as 50 % van die moontlike universum uit. Verder versprei die ondersoekgroep soos later aangetoon sal word goed oor bevolkingsgroep, ouderdom, ensovoorts en het dit 'n hoë mate van gesigsgeldigheid. Daar is derhalwe nie rede om te vermoed dat die situasie van die ondersoekgroep nie die situasie van finalejaarstudente sal weerspieël nie.

1.3.2 *Die vraelys*

In samewerking met die Advieskomitee is 'n vraelys opgestel en uitgetoets op 'n aantal studente wat aan die einde van 1980 hulle finale eksamen vir 'n basiese kwalifikasie geskrywe het. Benewens biografiese inligting was die vraelys daarop gemik om inligting in te win oor verworwe kwalifikasies (skool- en naskoolse kwalifikasies), beoogde gevorderde studie, toekomsplanne, beroepsmotivering, belangstelling en werktevredenheid (kyk bylae 1). Die finale vraelys is aan al die opleidingsinrigtings en die Departemente van Gesondheid- en Welsyndienste van die nasionale state gestuur. 'n Verantwoordelike persoon is versoek om die vraelyste aan die studente vir voltooiing uit te deel net voordat hulle finale eksamen aflê. Die studente moes die vraelys invul, in 'n koevert wat voorsien is verseël en aan die verantwoordelike persoon vir terugsending aan die RGN oorhandig. Op hierdie wyse is gepoog om die eerlike antwoorde van respondente sonder vrees vir penalisering deur toesighouers te bekom, maar ook dat die verantwoordelike persoon kontrole kon uitoefen oor die getal vraelyste wat teruggestuur word. Hierdie prosedure is gevolg om die groots moontlike respons te probeer kry.

1.3.3 *Opset van die verslag*

In die volgende hoofstuk word algemene agtergrondinligting soos ouderdom, geslag, huwelikstaat, ensovoorts van die respondente verstrek. Hoofstuk 3 handel oor die opleiding en kwalifikasies van die 1981-finaliste en in hoofstuk 4 word die motivering, belangstelling en toekomsplanne van die ondersoekgroep bespreek. Hoofstuk 5 is 'n samevatting van die verslag.

# HOOFSTUK 2

# AGTERGROND VAN RESPONDENTE

## 2.1 INLEIDING

Verpleging is 'n diensberoep waarvoor nie net die nodige kennis nodig is nie, maar ook empatie met die siek mens en 'n drang om 'n diens te lewer. Om die beroep suksesvol te beoefen, vereis 'n besondere persoonlikheid, maar ook deeglike kennis van die wetenskap wat met die fisiese en psigiese gesteldheid van die mens te doen het. 'n Studie van die persoonlikheid en geestesingesteldheid van die verpleegkundige val nie binne die bestek van hierdie ondersoek nie, maar die algemene agtergrondinligting wat in hierdie hoofstuk bespreek word, gee 'n beeld van die ouderdom, geslag, huwelikstaat, bevolkingsgroep, ensovoorts van verpleegkundestudente in hulle finale studiejaar.

## 2.2 BEVOLKINGSGROEP EN HUWELIKSTAAT

Net minder as die helfte van die respondente is Blankes (tabel 2.1 - 47,8 %). Meer as 'n derde (35,1 %) is Swart. Die relatiewe klein persentasie Swart finalejaarverpleegkundestudente (in 1980 was 67,3 % van die RSA-bevolking Swartes), moet waarskynlik verklaar word deur die hoë toelatingsvereistes wat gestel word vir kwalifisering tot registrasie en dat baie Swart verpleegkundiges as gevolg van gebrek aan die nodige toelatingskwalifikasies tot dusver nie kon vorder tot geregistreerde verpleegkundige nie, maar diens doen as ingeskrewe verpleegkundiges. Die persentasie Asiër- en Kleurlingrespondente in die ondersoekgroep is min of meer in verhouding met die bevolkingsamestelling (3,4 % en 10,8 % van die bevolking teenoor 3,4 % en 13,6 % van die ondersoekgroep respektiewelik).

Ongeveer twee derdes van die respondente is Engelssprekend (66,4 % volgens tabel 2.1) en van laasgenoemde groep is byna die helfte Swartes. Swart leerlinge ontvang meestal hul skoolopleiding deur medium van Engels en is daarom waarskynlik op Engels as kommunikasietaal aangewys. Van die Blankes verkies egter meer as die helfte Afrikaans as korrespondensietaal (52,9 %).

Wat huwelikstaat betref, is daar min verskil tussen die bevolkingsgroepe behalwe by Asiërs waar slegs 11,8 % getroud is teenoor ongeveer 'n vyfde van die ander bevolkingsgroepe. Soos verwag kan word op grond daarvan dat die respondente almal voltydse studente en betreklik jonk is, is die oorgrote meerderheid ongetroud (79,2 %).

TABEL 2.1

BEVOLKINGSGROEP VOLGENS TAALGROEP

| Bevolkingsgroep | | Afrikaans | | Engels | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| Asiër | N | 1 | 0,1 | 69 | 5,1 | 70 | 3,4 |
| | % | 1,4 | | 98,6 | | 100 | |
| Blank | N | 513 | 75,1 | 457 | 33,9 | 970 | 47,8 |
| | % | 52,9 | | 47,1 | | 100 | |
| Kleurling | N | 139 | 20,4 | 138 | 10,2 | 277 | 13,6 |
| | % | 50,2 | | 49,8 | | 100 | |
| Swart | N | 30 | 4,4 | 683 | 50,7 | 713 | 35,1 |
| | % | 4,2 | | 95,8 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 683 | 100 | 1 347 | 100 | 2 030 | 100 |
| | % | 33,6 | | 66,4 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd | | | | | | 78 | |

TABEL 2.2

HUWELIKSTAAT VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Huwelikstaat | Asiër | | Blank | | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Getroud | 8 | 11,8 | 190 | 19,7 | 60 | 22,0 | 138 | 19,9 | 396 | 19,8 |
| Nooit getroud nie | 59 | 86,8 | 765 | 79,3 | 211 | 77,3 | 547 | 79,0 | 1 582 | 79,2 |
| Geskei | 1 | 1,5 | 8 | 0,8 | 1 | 0,4 | 2 | 0,3 | 12 | 0,6 |
| Weduweestaat | | | 2 | 0,2 | 1 | 0,4 | 5 | 0,7 | 8 | 0,4 |
| TOTAAL | 68 | 100 | 965 | 100 | 273 | 100 | 692 | 100 | 1 998 | 100 |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | | 110 | |

## 2.3 OUDERDOM, GESLAG EN KINDERTAL

Die mediaanouderdom van die ondersoekgroep is, volgens tabel 2.3, 23,0 jaar; dit is ongeveer 4½ jaar ná matriek-ouderdom. Oor die algemeen neem dit dus vir verpleegkundiges 4 tot 4½ jaar ná matriek om te kwalifiseer as geregistreerde verpleegkundige, behalwe in die geval van Swartes waar die mediaanouderdom 25,4 jaar is. Die hoër mediaanouderdom van Swartes is waarskynlik daaraan toe te skrywe dat baie van hulle op 'n later leeftyd skool toe gaan, maar ook dat baie op grond van 'n sekere aantal jare ervaring as ingeskrewe verpleegkundige voor 1980 kwalifiseer om in te skryf vir die kursus vir geregistreerde verpleegkundige.

'n Baie klein persentasie van die ondersoekgroep is mans (2,4 %). Laasgenoemde se mediaanouderdom is ook hoër as dié van hulle vroulike eweknieë.

'n Aantal van die respondente het, hoewel hulle nog voltydse studente is, afhanklike kinders. Volgens tabel 2.5 is dit veral Kleurling- en Swart respondente wat kinders het wat nog sorg nodig het. Laasgenoemde gaan gepaard met die hoër mediaanouderdom van Swart respondente. Die feit dat daar soveel afhanklike kinders betrokke is, is 'n bykomende eis wat aan die studente gestel word wat voltyds studeer en werk en dan nog die verantwoordelikheid van die versorging van jong kinders het. Om die dienste van dié persone ten volle te kan benut, sal oorweging geskenk moet word aan die voorsiening van substituutversorging van kinders. Hoewel die Swart ouma, volgens tradisie, verantwoordelik is om die kinders van haar dogter te versorg, is die proses van verstedeliking van die Swartmense besig om hierdie tradisie te laat verdwyn.

## 2.4 BEROEP VAN EGGENOOT

Van die 408 getroude respondente (gegewens nie in tabelvorm nie) het 378 die beroep van hul eggenotes aangedui. Die beroep van die eggenoot is normaalweg 'n aanduiding van die sosiale milieu waaruit die verpleegkundige kom. Daar is 'n aanmerklike verskil tussen die bevolkingsgroepe met betrekking tot die beroepe van eggenotes. By Swartes is die eggenote meestal klerke en onderwysers, terwyl die eggenotes van Kleurlingrespondente hoofsaaklik ambagsmanne en halfgeskoolde werkers is. Blanke respondente se eggenotes kom in 'n groot mate uit die professionele, semi-professionele en tegniese beroepe. Wat die groep as geheel betref, is daar ongeveer 'n gelyke persentasie wat klerke en ambagsmanne as eggenotes het, terwyl professionele en semi-professionele en tegniese beroepe effens minder voorkom.

Volgens tabel 2.8 is daar slegs drie van die manlike respondente wie se vrouens nie ekonomies bedrywig is nie, terwyl vier van hulle se vrouens ook verpleegkundiges is.

TABEL 2.3

OUDERDOM VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Ouderdom | | Asiër | | Blank | | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 17 - 19 | | | | 2 | 0,2 | | | | | 2 | 0,1 |
| 20 - 21 | | 17 | 24,3 | 423 | 45,8 | 43 | 16,3 | 16 | 2,3 | 499 | 25,4 |
| 22 - 23 | | 35 | 50,0 | 360 | 39,0 | 123 | 46,8 | 112 | 15,9 | 630 | 32,1 |
| 24 - 25 | | 10 | 14,3 | 85 | 9,2 | 49 | 18,6 | 240 | 34,0 | 384 | 19,6 |
| 26 - 27 | | 4 | 5,7 | 27 | 2,9 | 22 | 8,4 | 156 | 22,1 | 209 | 10,7 |
| 28 - 29 | | 2 | 2,9 | 13 | 1,4 | 13 | 4,9 | 98 | 13,9 | 126 | 6,4 |
| 30 - 31 | | 2 | 2,9 | 3 | 0,3 | 5 | 1,9 | 45 | 6,4 | 55 | 2,8 |
| 32 - 33 | | | | 3 | 0,3 | 3 | 1,1 | 15 | 2,1 | 21 | 1,1 |
| 34 - 35 | | | | 2 | 0,2 | 2 | 0,8 | 12 | 1,7 | 16 | 0,8 |
| 36 en ouer | | | | 5 | 0,5 | 3 | 1,1 | 11 | 1,6 | 19 | 1,0 |
| TOTAAL | N | 70 | 100 | 923 | 100 | 263 | 100 | 705 | 100 | 1 961 | 100 |
| | % | 3,6 | | 47,1 | | 13,4 | | 36,0 | | 100 | |
| Mediaan-ouderdom | | 22,5 | | 21,7 | | 22,9 | | 25,4 | | 23,0 | |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | | | 147 | |

TABEL 2.4

OUDERDOM VOLGENS GESLAG

| Ouderdom | | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % |
| 17 - 19 | | | | 2 | 0,1 | 2 | 0,1 |
| 20 - 21 | | 2 | 4,2 | 513 | 26,0 | 515 | 25,5 |
| 22 - 23 | | 11 | 22,9 | 634 | 32,2 | 645 | 31,9 |
| 24 - 25 | | 11 | 22,9 | 388 | 19,7 | 399 | 19,8 |
| 26 - 27 | | 5 | 10,4 | 210 | 10,7 | 215 | 10,6 |
| 28 - 29 | | 7 | 14,6 | 121 | 6,1 | 128 | 6,3 |
| 30 - 31 | | 4 | 8,3 | 54 | 2,7 | 58 | 2,9 |
| 32 - 33 | | 3 | 6,3 | 21 | 1,1 | 24 | 1,2 |
| 34 - 35 | | 2 | 4,2 | 14 | 0,7 | 16 | 0,8 |
| 36 en ouer | | 3 | 6,3 | 14 | 0,7 | 17 | 0,8 |
| TOTAAL | N | 48 | 100 | 1 971 | 100 | 2 019 | 100 |
| | % | 2,4 | | 97,6 | | 100 | |
| Mediaanouderdom | | 25,5 | | 23,0 | | 23,0 | |
| Ongespesifiseerd | | | | | | 89 | |

TABEL 2.5

RESPONDENTE MET EN SONDER KINDERS, VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Kinders | Asiër | | Blank | | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N^1$ = 70 | | $N^1$ = 970 | | $N^1$ = 278 | | $N^1$ = 719 | | $N^1$ = 2 008 | |
| | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ |
| Geen kinders | 42 | 60,0 | 716 | 73,8 | 150 | 54,0 | 379 | 52,7 | 1 287 | 64,1 |
| Voorskoolse kinders | | | 48 | 4,9 | 53 | 19,1 | 182 | 25,3 | 283 | 14,1 |
| Skoolgaande kinders | 1 | 1,4 | 14 | 1,4 | 18 | 6,5 | 115 | 16,0 | 148 | 7,4 |
| Naskoolse afhanklike kinders | 1 | 1,4 | | | 1 | 0,4 | 3 | 0,4 | 5 | 0,2 |
| Onafhanklike kinders | | | 2 | 0,2 | 1 | 0,4 | 1 | 0,1 | 4 | 0,2 |

$N^1$ = Getal respondente wat bevolkingsgroep aangedui het.

TABEL 2.6

RESPONDENTE MET EN SONDER KINDERS, VOLGENS HUWELIKSTAAT

| Kinders | Getroud | | Nooit getroud | | Geskei | | Wedustaat | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $N^1$ = 408 | | $N^1$ = 1 631 | | $N^1$ = 13 | | $N^1$ = 8 | | $N^1$ = 2 060 | |
| | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ |
| Geen kinders | 173 | 42,4 | 1 108 | 67,9 | 5 | 38,5 | 5 | 62,5 | 1 291 | 62,7 |
| Voorskoolse kinders | 163 | 40,0 | 116 | 7,1 | 5 | 38,5 | 2 | 25,0 | 286 | 13,9 |
| Skoolgaande kinders | 78 | 19,1 | 67 | 4,1 | 3 | 23,1 | 3 | 37,5 | 151 | 7,3 |
| Naskoolse afhanklike kinders | 2 | 0,5 | 2 | 0,1 | 1 | 7,7 | | | 5 | 0,2 |
| Onafhanklike kinders | 3 | 0,7 | | | 1 | 7,7 | | | 4 | 0,2 |

$N^1$ = Getal respondente wat huwelikstaat aangedui het.

TABEL 2.7

BEROEP VAN EGGENOOT VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Beroep van eggenoot | Asiër | | Blank | | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Professioneel en semi-professioneel | 3 | 37,5 | 33 | 18,3 | 3 | 5,1 | 10 | 7,6 | 49 | 13,0 |
| Tegnies | 1 | 12,5 | 31 | 17,2 | 4 | 6,8 | 7 | 5,3 | 43 | 11,4 |
| Onderwys | | | 7 | 3,9 | 7 | 11,9 | 24 | 18,3 | 38 | 10,1 |
| Bestuurder/Superintendent | 1 | 12,5 | 12 | 6,7 | 1 | 1,7 | 5 | 3,8 | 19 | 5,0 |
| Administratiewe beampte | | | 9 | 5,0 | | | 2 | 1,5 | 11 | 2,9 |
| Klerk | 2 | 25,0 | 18 | 10,0 | 7 | 11,9 | 35 | 26,7 | 62 | 16,4 |
| Verkoops- en verwante beroepe | | | 10 | 5,6 | 4 | 6,8 | 5 | 3,8 | 19 | 5,0 |
| Visser/Boer/Jagter | | | 6 | 3,3 | | | 1 | 0,8 | 7 | 1,9 |
| Werker in mynboubedryf | | | 2 | 1,1 | | | | | 2 | 0,5 |
| Werker in vervoerbedryf | | | 5 | 2,8 | 2 | 3,4 | 13 | 9,9 | 20 | 5,3 |
| Operateur/Ambagsman | | | 15 | 8,3 | 25 | 42,4 | 18 | 13,7 | 58 | 15,3 |
| Beroepe in dienshoedanigheid | 1 | 12,5 | 21 | 11,7 | 3 | 5,1 | 5 | 3,8 | 30 | 7,9 |
| Selfgeëmplojeerd | | | 1 | 0,6 | 1 | 1,7 | | | 2 | 0,5 |
| Musikus/kunstenaar | | | | | 1 | 1,7 | | | 1 | 0,3 |
| Verpleegkundige | | | 1 | 0,6 | | | 2 | 1,5 | 3 | 0,8 |
| Buite arbeidsmag | | | 9 | 5,0 | 1 | 1,7 | 4 | 3,1 | 14 | 3,7 |
| TOTAAL | 8 | 100 | 180 | 100 | 59 | 100 | 131 | 100 | 378 | 100 |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | | 30 | |

TABEL 2.8

BEROEP VAN EGGENOOT VOLGENS GESLAG VAN RESPONDENT

| Beroep van eggenoot | Manlik | | Vroulik | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Professioneel en semi-professioneel | 1 | 4,8 | 48 | 13,2 | 49 | 12,7 |
| Tegnies | | | 45 | 12,3 | 45 | 11,7 |
| Onderwys | 3 | 14,3 | 36 | 9,9 | 39 | 10,1 |
| Bestuurder/Superintendent | | | 19 | 5,2 | 19 | 4,9 |
| Administratiewe beampte | 1 | 4,8 | 10 | 2,7 | 11 | 2,9 |
| Klerk | 3 | 14,3 | 62 | 17,0 | 65 | 16,8 |
| Verkoops- en verwante beroepe | 1 | 4,8 | 18 | 4,9 | 19 | 4,9 |
| Visser/Jagter/Boer | | | 7 | 1,9 | 7 | 1,8 |
| Werker in mynboubedryf | | | 2 | 0,6 | 2 | 0,5 |
| Werker in vervoerbedryf | | | 20 | 5,5 | 20 | 5,2 |
| Operateur/Ambagsman | 2 | 9,5 | 56 | 15,3 | 58 | 15,0 |
| Beroepe in dienshoedanigheid | 3 | 14,3 | 27 | 7,4 | 30 | 7,8 |
| Selfgeëmplojeerd | | | 3 | 0,8 | 3 | 0,8 |
| Verpleegkundige | 4 | 19,0 | | | 4 | 1,0 |
| Musikus/Kunstenaar | | | 1 | 0,3 | 1 | 0,3 |
| Buite arbeidsmag | 3 | 14,3 | 11 | 3,0 | 14 | 3,6 |
| TOTAAL | 21 | 100 | 365 | 100 | 386 | 100 |
| Ongespesifiseerd | | | | | 22 | |

In die volgende hoofstuk word 'n oorsig gegee van die kwalifikasies wat respondente reeds het en die opleiding waarmee hulle tydens die ondersoek besig was.

# HOOFSTUK 3

## OPLEIDING EN KWALIFIKASIES

### 3.1 INLEIDING

Die ondersoek handel oor verpleegkundestudente wat gedurende 1981 een of ander finale eksamen afgelê het wat, indien hulle sou slaag, hulle in staat stel om as "geregistreerde verpleegkundige" diens te doen. Opleidingsinrigtings sluit universiteite, kolleges vir verpleging, staats-, provinsiale en privaathospitale in. Verpleegkundiges kan op grond van verskillende basiese kwalifikasies registrasie bekom: Algemene verpleegkunde, kraamverpleegkunde en psigiatriese verpleegkunde.

(a) 'n Driejarige diploma in algemene verpleegkunde.

(b) 'n Drie-en-'n-halfjarige diploma in algemene en kraamverpleegkunde.

(c) 'n Drie-en-'n-halfjarige diploma in algemene en psigiatriese verpleegkunde.

(d) By sommige opleidingskolleges kan 'n persoon met die kwalifikasie soos in (b) en (c) hierbo genoem, na 'n verdere ses maande opleiding die derde basiese kwalifikasie bekom, byvoorbeeld iemand met 'n diploma in algemene en kraamverpleegkunde kan na nog ses maande opleiding, ook registrasie as psigiatriese verpleegkundige verwerf.

(e) 'n Vier-en-'n-halfjarige diploma in algemene, kraam en psigiatriese verpleegkunde.

(f) 'n Baccalaureus-graad in verpleegkunde.

Die toelatingsvereistes vir al bogenoemde kursusse is standerd 10. 'n Persoon wat voor 1980 by die Suid-Afrikaanse Raad vir Verpleging ingeskryf was as ingeskrewe verpleegkundige kan ook, op grond van ervaring, volgens meriete kwalifiseer om in te skryf vir een van die diploma-kursusse hierbo genoem.

Na-basiese kwalifikasies in 'n verskeidenheid van spesialiteitsrigtings in verpleegkunde kan in 'n hospitaal, aan 'n kollege vir verpleging, 'n technikon of universiteit geneem word. Sommige universiteite bied ook 'n nagraadse diploma in intensiewe verpleegkunde aan. Gevorderde grade kan aan dié universiteite wat departemente van verpleegkunde het, verwerf word.

### 3.2 KWALIFIKASIES

#### 3.2.1 *Naskoolse kwalifikasies*

Sommige respondente het reeds ander naskoolse kwalifikasies verwerf. Uit tabel 3.1 blyk dat hierdie respondente meestal in 'n verpleegkundige rigting studeer het. Dit kan aanvaar word dat die respondente wat aangedui het dat hulle 'n diploma in psigiatriese of kraamverpleegkunde het, dit onder die ou bedeling gekry het toe sodanige diploma verkry kon word sonder 'n kwalifikasie in algemene verpleegkunde. Meeste van die respondente wat gekwalifiseer het as ingeskrewe verpleegkundiges het waarskynlik op grond van hulle jare ervaring gekwalifiseer om die kursus vir diploma in algemene verpleegkunde met die oog op registrasie te volg.

#### 3.2.2 *Huidige opleiding*

In tabel 3.2 word die kwalifikasies waarvoor respondente in 1981/82 sou kwalifiseer, ontleed volgens bevolkingsgroep. Terwyl die Nie-Blanke bevolkingsgroepe vir die oorgrote meerderheid ingeskryf was vir 'n diploma in algemene verpleegkunde (100,0 %, 91,3 % en 90,6 % respektiewelik vir die drie Nie-Blanke bevolkingsgroepe), val net minder as drie kwart van die Blanke respondente (71,9 %) in hierdie kategorie. Dit blyk verder uit tabel 3.2 dat laasgenoemde bevolkingsgroep hulle in 'n groter mate as die Nie-Blanke bevolkingsgroepe toelê op die geïntegreerde kursus wat lei tot 'n diploma of graad in algemene, kraam- en psigiatriese verpleegkunde. Daar is net enkele Nie-Blankes wat 'n graadkursus in verpleegkunde volg teenoor 5,7 % van die Blanke respondente.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

In tabel 3.3 word die verpleegkundige kwalifikasies volgens ouderdom van die respondente ontleed. Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die jongste groep respondente dié is wat ingeskryf was vir die geïntegreerde kursus vir die diploma in algemene, kraam- en psigiatriese verpleegkunde, hoewel hierdie 'n langer kursus is as dié vir algemene verpleegkundige en verwag sou word dat hierdie groep respondente ouer sou wees.

'n Aantal (255 - 12,1 %) van die respondente het nie aangedui wanneer hulle verwag om te kwalifiseer vir registrasie nie, maar van dié wat wel die vraag beantwoord het, het die grootste persentasie gedurende Junie/Julie en Oktober/November hulle basiese kwalifikasie behaal (kyk bylae 1, vraag 10,2). Hoewel daar normaalweg in die provinsiale hospitale drie maal per jaar eerstejaarstudente ingeneem word, hang die tydstip waarop studente die kursus voltooi in 'n groot mate af van die sukses wat hulle dwarsdeur hul kursus in die eksamen behaal en ook van die soort kursus wat hulle neem. Die grootste inname is egter aan die begin van die jaar wat dan beteken dat diegene wat 'n drie- of vierjarige kursus neem, aan die einde van die jaar hul studies sal voltooi terwyl dié wat 'n drie-en-'n-half- of vier-en-'n-half-jarige kursus neem gedurende Junie/Julie sal kwalifiseer.

TABEL 3.1

NASKOOLSE KWALIFIKASIES WAT RESPONDENTE REEDS BEHAAL HET, VOLGENS KWALIFIKASIE WAT HULLE GEDURENDE 1981/82 BEHAAL

| Naskoolse kwalifikasie | Dipl. alg. verpleegkunde $N_1$ = 1 713 | | Geïntegreerde dipl. of graad $N_1$ = 368 | | Totaal $N_1$ = 2 081 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Diploma in psigiatriese verpleegkunde | 6 | 0,4 | 1 | 0,3 | 7 | 0,3 |
| Diploma in kraamverpleegkunde (vroedvrou) | 11 | 0,6 | 2 | 0,5 | 13 | 0,6 |
| Ingeskrewe verpleegkundige | 164 | 9,6 | 1 | 0,3 | 165 | 7,9 |
| B.-graad (nie verpleegkunde) | 4 | 0,2 | 6 | 1,6 | 10 | 0,5 |
| Ander diverse | 67 | 3,9 | 10 | 2,7 | 77 | 3,7 |
| TOTAAL | 252 | 14,7 | 20 | 5,4 | 272 | 13,1 |

TABEL 3.2

1981/82 VERPLEEGKUNDIGE KWALIFIKASIE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

| Kwalifikasie | Asiër | | Blank | | Kleurling | | Swart | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Diploma: Algemene verpleegkunde | 69 | 100,0 | 693 | 71,9 | 251 | 91,3 | 637 | 90,6 | 1 650 | 82,0 |
| Diploma: Algemene/kraam/psigiatriese verpleegkunde | | | 216 | 22,4 | 22 | 8,0 | 61 | 8,7 | 299 | 14,9 |
| B.-graad:Verpleegkunde | | | 55 | 5,7 | 2 | 0,7 | 5 | 0,7 | 62 | 3,1 |
| TOTAAL | 69 | 100 | 964 | 100 | 275 | 100 | 703 | 100 | 2 011 | 100 |



057975

TABEL 3.3

1981/82 VERPLEEGKUNDIGE KWALIFIKASIE VOLGENS OUDERDOM

| Ouderdom | Dipl. alg. verpleegkunde | | Geïntegreerde dipl. | | B.-graad | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 17 - 21 | 394 | 23,9 | 116 | 39,3 | 6 | 10,3 | 516 | 25,8 |
| 22 - 23 | 490 | 29,7 | 109 | 36,9 | 39 | 67,2 | 638 | 31,9 |
| 24 - 25 | 340 | 20,6 | 41 | 13,9 | 12 | 20,7 | 393 | 19,6 |
| 26 - 27 | 196 | 11,9 | 20 | 6,8 | | | 216 | 10,8 |
| 28 - 29 | 118 | 7,2 | 7 | 2,4 | | | 125 | 6,2 |
| 30 - 31 | 58 | 3,5 | 1 | 0,3 | | | 59 | 2,9 |
| 32 - 33 | 23 | 1,4 | | | | | 23 | 1,1 |
| 34 - 35 | 14 | 0,8 | | | | | 14 | 0,7 |
| 36 + | 17 | 1,0 | 1 | 0,3 | 1 | 1,7 | 19 | 0,9 |
| TOTAAL | 1 650 | 100 | 295 | 100 | 58 | 100 | 2 003 | 100 |
| Mediaanouderdom | 23,3 | | 22,1 | | 22,7 | | 23,0 | |

3.2.3 *Voortgesette opleiding*

Van die 2 108 respondente het 1 536 (72,9 %) aangedui dat hulle binne 'n jaar nadat hulle die basiese opleiding (waarmee hulle in 1981 besig was) voltooi het, hul studies voltyds verder gaan voortsit. Volgens tabel 3.3 was 1 650 respondente in 1981 besig met 'n diplomakursus in algemene verpleegkunde. Dit sou verwag word dat baie van hulle sou voortgaan om 'n verdere basiese kwalifikasie in óf kraam- óf psigiatriese verpleegkunde of albei te verkry. Die keuse van byna drie uit elke vier respondente wat voltyds verder gaan studeer val op kraamverpleegkunde (tabel 3.4) wat hulle hoofsaaklik by provinsiale hospitale gaan neem. 'n Heelwat kleiner getal (85 en 76 respektiewelik - ongeveer 5 %) beoog om kwalifikasies in psigiatriese en gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde te behaal.

Van dié wat beoog om 'n B.-graadkursus in verpleegkunde te volg, is die grootste enkele persentasie (43,9 %) van plan om by Unisa in te skrywe. Laasgenoemde groep sou dan waarskynlik een of ander pos in verpleegkunde vul terwyl hulle afstandsonderrig neem. Die meerderheid van die respondente (74,3 %) is egter van plan om by provinsiale hospitale en kolleges in te skrywe vir verdere opleiding in verpleegkunde. 'n Baie klein groepie (2,4 %) beoog om 'n ander kursus as verpleegkunde te volg.

In die volgende hoofstuk word beroepsbeoefening, motivering, belangstellingsrigtings en toekomsplanne ná kwalifisering bespreek.

TABEL 3.4

OPLEIDINGSINRIGTING WAAR RESPONDENTE BEOOG OM STUDIES VOORT TE SIT, VOLGENS BEOOGDE STUDIERIGTING

| Opleidingsinrigting | B.-graad | | Honn. en M.-graad | | Psigia-triese verpleeg-kunde | | Kraamver-pleegkunde | | Gemeenskap-gesondheid-sorg | | Verpleeg-onderwys | | Intensiewe sorg | | Pedia-triese verpleeg-kunde | | Ander spe-sialiteits-rigting in ver-pleegkunde | | Kwalifi-kasie buite verpleeg-kunde | | Onseker | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Unisa | 18 | 43,9 | | | | | 1 | 0,1 | 6 | 7,9 | 2 | 8,7 | | | | | 5 | 9,1 | 4 | 11,1 | 2 | 16,7 | 38 | 2,6 |
| Medunsa | 7 | 17,1 | | | | | | | 1 | 1,3 | 4 | 17,4 | | | | | | | | | | | 12 | 0,8 |
| Universiteit van Pretoria | 1 | 2,4 | | | | | 1 | 0,1 | 4 | 5,3 | | | | | | | 1 | 1,8 | 2 | 5,6 | 1 | 8,3 | 10 | 0,7 |
| Universiteit van Natal | 1 | 2,4 | 2 | 50,0 | | | | | | | 7 | 30,4 | | | | | | | 2 | 5,6 | | | 12 | 0,8 |
| Universiteit van die Noorde | 5 | 12,2 | | | | | | | | | 2 | 8,7 | | | | | 2 | 3,6 | | | | | 9 | 0,6 |
| Universiteit van die OVS | | | 1 | 25,0 | | | | | 8 | 10,5 | | | | | 2 | 50,0 | 2 | 3,6 | | | | | 13 | 0,9 |
| Ander Suid-Afrikaanse universiteite | 7 | 17,1 | 1 | 25,0 | 5 | 5,9 | | | 7 | 9,2 | | | | | | | 1 | 1,8 | 5 | 13,9 | | | 26 | 1,7 |
| Provinsiale hospitaal | 1 | 2,4 | | | 28 | 32,9 | 1 002 | 87,6 | 32 | 42,1 | 1 | 4,3 | 4 | 57,1 | 2 | 50,0 | 33 | 60,0 | | | 2 | 16,7 | 1 105 | 74,3 |
| Staatshospitaal | | | | | 39 | 45,9 | 2 | 0,2 | | | | | | | | | 1 | 1,8 | | | | | 42 | 2,8 |
| Privaathospitaal | | | | | | | 15 | 1,3 | | | | | | | | | | | | | | | 15 | 1,0 |
| Hospitaal in nasionale staat | | | | | 4 | 4,7 | 58 | 5,1 | | | 2 | 8,7 | | | | | | | | | | | 64 | 4,3 |
| Technikon | | | | | | | | | 7 | 9,2 | | | | | | | 4 | 7,3 | 10 | 27,8 | | | 21 | 1,4 |
| Oorsee | | | | | 1 | 1,2 | 6 | 0,5 | | | | | | | | | 3 | 5,5 | 3 | 8,3 | 1 | 8,3 | 14 | 0,9 |
| Ander diverse | | | | | | | 1 | 0,1 | | | | | | | | | | | 5 | 13,9 | | | 6 | 0,4 |
| Onseker waar | 1 | 2,4 | | | 8 | 9,4 | 58 | 5,1 | 11 | 14,5 | 5 | 21,7 | 3 | 42,9 | | | 3 | 5,5 | 5 | 13,9 | 6 | 50,0 | 100 | 6,7 |
| TOTAAL N | 41 | 100 | 4 | 100 | 85 | 100 | 1 144 | 100 | 76 | 100 | 23 | 100 | 7 | 100 | 4 | 100 | 55 | 100 | 36 | 100 | 12 | 100 | 1 487 | 100 |
| % | 2,8 | | 0,3 | | 5,7 | | 76,9 | | 5,1 | | 1,5 | | 0,5 | | 0,3 | | 3,7 | | 2,4 | | 0,8 | | 100 | |

Ongespesifiseerd 49

# HOOFSTUK 4

# BEROEPSBEOEFENING

## 4.1 INLEIDING

Uit die aard van die opleiding van verpleegkundiges is al die finalejaarstudente wat in die ondersoek betrek is reeds beroepsbeoefenaars. Van hulle eerste jaar af is hulle as student-verpleegkundiges verbonde aan 'n hospitaal en namate hulle met hul opleiding vorder word daar meer verantwoordelikhede aan hulle toegeken. Voltydse studie is dus in der waarheid, wat verpleegkundiges betref, nie wat normaalweg in ander studierigtings verstaan word as voltydse studie waar studente gedurende die akademiese jaar voltyds aan 'n opleidingsinrigting verbonde is nie.

In hierdie hoofstuk word die motivering en belangstellingsrigtings van die respondente in die ondersoekgroep bespreek asook hulle toekomsplanne nadat hulle gekwalifiseer het as geregistreerde verpleegkundiges. By die bespreking van die motivering van die respondente moet egter in gedagte gehou word dat die perspektiewe van mense verander namate volwassenheid bereik word en die persoon in 'n beroep staan en dat die faktore wat deur finalejaarstudente aangedui word as belangrike bydraende elemente vir hulle keuse van verpleging as beroep, moontlik in die drie of vier jaar van hulle opleiding in 'n sekere mate gewysig is en waarskynlik aan die begin van hulle opleiding nie dieselfde gewig gedra het nie.

## 4.2 MOTIVERING EN BELANGSTELLING

Die motiewe waarom 'n mens 'n sekere loopbaan volg, dra in 'n groot mate by tot die suksesvolle uitvoering van jou pligte en die genot wat uit die werkverrigting geput word. Motiewe verskil van mens tot mens en só ook in die verpleegberoep. "Onder andere bestaan daar by sommiges die begeerte om diegene te help wat ly ..... of die begeerte om te dien. ..... Belangstelling in die mediese wetenskap, is 'n goeie en intelligente motief maar as dit nie geassosieer word met die mens nie, dan is die menslikheid aan die verplegingskant verlore" (Bruwer 1970: 15).

### 4.2.1 *Motivering*


Respondente is versoek om op 'n vyfpuntskaal aan te dui in watter mate faktore wat in die vraelys genoem is, 'n invloed gehad het in hulle keuse om verpleging as beroep te kies (kyk bylae 1, vraag 12). Die skaal het gestrek van 1 vir "geen invloed" tot 5 vir "sterk invloed". Vir die ontleding van hierdie gegewens is 'n tegniek gebruik wat bekend staan as ooreenstemmingsanalise. Ooreenstemmingsanalise is 'n tegniek waardeur gelyktydige grafiese voorstelling gemaak kan word van die punte wat die rye en die kolomme van 'n heeltallige datamatriks verteenwoordig. Hierdie tegniek kan gebruik word om kwalitatiewe data grafies voor te stel en vereis ook nie die strenger voorwaardes (soos byvoorbeeld onderling uitsluitende kategorieë) wat by normale gebeurlikheidsontleding van toepassing is nie (Stumpf: 1982). Ooreenstemmingsanalise het onder andere die volgende kenmerke: (i) die keuse van afstandsfunksie wat die relatiewe posisie van die punte in die ruimte definieer en (ii) die keuse van 'n kriterium waarvolgens die datastel in terme van 'n kleiner aantal dimensies beskryf kan word en wel op so 'n wyse dat soveel as moontlik van die oorspronklike inligting in hierdie subruimte behoue bly (Du Toit 1982).

Met behulp van die rekenaarprogram GRAFIES ('n wysiging van 'n oorspronklike program ontwikkel deur N. Tabet van die Universiteit van Parys) is 'n grafiese voorstelling van die gegewens verkry (figuur 4.1).

In die verwerking van die gegewens is die 1's en 2's op die skaal saamgegroepeer en die 4's en 5's, d.w.s. dié respondente wat aangedui het dat hulle glad nie of min deur 'n sekere faktor beïnvloed is om verpleging as beroep te kies is bymekaargetel, terwyl dié wat aangedui het dat 'n sekere faktor 'n belangrike of baie belangrike rol in hulle keuse gespeel het, saamgetel is.

FIGUUR 4.1

MOTIVERING VAN RESPONDENTE OM VERPLEGING
AS BEROEP TE KIES





SLEUTEL:
FAK 1 = Aanbeveling van ouers of familie
FAK 2 = Aanbeveling van beroepsvoorligter
FAK 3 = Invloed van vriende
FAK 4 = Invloed van verpleegkundige werwingsbeampte
FAK 5 = Belangstelling in mediese wetenskap
FAK 6 = Belangstelling in verpleegberoep
FAK 7 = Belangstelling in mense
FAK 8 = Begeerte om met siek mense te werk
FAK 9 = Begeerte om diens te lewer
FAK 10 = Begeerte om kennis oor te dra
FAK 11 = Verpleging is 'n beroep waaraan vergoeding verbonde is tydens opleiding

BL = Blank
AS = Asiër
KL = Kleurling
SW = Swart

1 = min invloed
3 = gemiddelde invloed
5 = sterk invloed

FIGUUR 4.2

REDES WAAROM RESPONDENTE VERPLEGING AS BEROEP KIES VOLGENS BEVOLKINGSGROEP



Uit figuur 4.1 word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

(a) Tellings 1, 3 en 5 groepeer onderskeidelik saam met betrekking tot verskillende faktore ongeag van bevolkingsgroep, met ander woorde die verskillende bevolkingsgroepe het min of meer dieselfde motivering om verpleegkunde as beroep te kies.

(b) Die invloed van vriende, aanbeveling van beroepsvoorligter en die beïnvloeding van 'n verpleegkundige werwingsbeampte het min bygedra tot die besluit van respondente om te verpleeg.

(c) Belangstelling in die mediese wetenskap, begeerte om kennis oor te dra, begeerte om met siek mense te werk en die feit dat daar vergoeding verbonde is aan verpleging tydens opleiding, het 'n gemiddelde invloed op respondente gehad om die beroep te kies.

(d) Die faktore wat die grootste rol in die beroepskeuse van respondente gespeel het, was begeerte om diens te lewer, belangstelling in die verpleegberoep en belangstelling in mense.

(e) Die feit dat faktor 1, dit is aanbeveling van ouers of familie, nie saam met die ander faktore of bevolkingsgroepe groepeer nie, dui daarop dat dit van minder belang is in die beroepskeuse van die respondente.

Figuur 4.2 is 'n verdere toeligting van die gegewens soos deur respondente verstrek met betrekking tot 'n sterk invloed wat verskillende faktore op hulle beroepskeuse uitgeoefen het. In die figuur word die persentasie van die respondente wat elke beïnvloedingsfaktor hoog aangeslaan het, grafies voorgestel (d.i. dié wat 'n 4 of 5 gemerk het). Verdere afleidings word uit hierdie grafiese voorstelling gemaak:

(a) Die aanbeveling van ouers speel, hoewel nie 'n groot rol nie, by Swartes 'n relatief groter rol as by die ander bevolkingsgroepe.

(b) Belangstelling in mense en die begeerte om diens te lewer is onderskeidelik die twee belangrikste faktore wat respondente beweeg om verpleging as beroep te kies. Laasgenoemde faktor en ook die begeerte om met siek mense te werk speel by Blankes 'n relatief minder belangrike rol as by die ander bevolkingsgroepe.

Gevolgtrekking (b) hierbo is in ooreenstemming met die bevinding in beroepstudies oor ander diensberoepe byvoorbeeld fisioterapeute, arbeidsterapeute, spraakterapeute en maatskaplike werkers (Cilliers 1979 (a) en (a), 1980 (b) en 1982 respektiewelik), waar belangstelling in mense en die diensmotief ook bo aan die lys staan van faktore wat persone in hulle beroepskeuse beïnvloed.

4.2.2 *Belangstellingsrigting*

Ten einde 'n beeld te kry van die belangstellingsrigtings van respondente, is hulle versoek om op 'n vyfpuntskaal hulle mate van belangstelling in verskillende vertakkinge van verpleegkunde aan te dui. "Geen belangstelling" is verteenwoordig deur 'n telling van 1, terwyl 5 'n "sterk belangstelling" aangedui het. Die gegewens is op dieselfde wyse verwerk as dié in paragraaf 4.2.1 beskrywe, en word grafies in figure 4.3 en 4.4 voorgestel.

Die verspreiding van die punte in figuur 4.3 dui op die volgende:


Ten opsigte van "baie belangstelling" (5) groepeer belangstellingsrigtings ongeag die bevolkingsgroep saam, maar ten opsigte van "gemiddelde" en "geen belangstelling" (3 en 1) is die belangstellingsrigtings en bevolkingsgroepe redelik verspreid. Hiervan word afgelei dat al vier bevolkingsgroepe 'n sterk belangstelling het in industriële, kraam-, psigiatriese en gemeenskapsgesondheidsverpleging. Dié rigtings waarin veral Blankes, Kleurlinge en Asiërs oor die algemeen min belangstelling toon, is intensiewe sorg, teaterverpleging, verpleegadministrasie en verpleegonderwys, terwyl Swartes ortopediese, geriatriese en kankerverpleging baie laag op hulle voorkeurlys plaas.

Van figuur 4.4 word die volgende verdere ontledings gedoen:

(a) Vir al die bevolkingsgroepe staan gemeenskapsgesondheidsverpleging heel bo aan die lys van belangstellingsrigtings. Asiërs, Swartes en Kleurlinge toon selfs 'n groter belangstelling hierin as Blankes.

FIGUUR 4.3

VERPLEEGKUNDIGE BELANGSTELLINGSRIGTING VAN RESPONDENTE




SLEUTEL:


BEL 1 = Mediese verpleging
BEL 2 = Chirurgiese verpleging
BEL 3 = Pediatriese verpleging
BEL 4 = Geriatriese verpleging
BEL 5 = Ortopediese verpleging
BEL 6 = Intensiewe sorg
BEL 7 = Teaterverpleging
BEL 8 = Kankerverpleging
BEL 9 = Kraamverpleging
BEL 10 = Psigiatriese verpleging
BEL 11 = Gemeenskapsgesondheidsorg
BEL 12 = Industriële verpleging
BEL 13 = Verpleegadministrasie
BEL 14 = Verpleegonderwys
BEL 15 = Navorsing

BL = Blank
AS = Asiër
KL = Kleurling
SW = Swart


1 = Min belangstelling
3 = Gemiddelde belangstelling
5 = Baie belangstelling

FIGUUR 4.4

VERPLEEGKUNDIGE BELANGSTELLINGSRIGTINGS VAN RESPONDENTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP



FIGUUR 4.4 (VERVOLG)



Een van die faktore wat hierdie belangstelling moontlik kan beïnvloed, is die feit dat die verpleegkundige wat gemeenskapsgesondheidsdiens lewer normaalweg meer gereelde ure werk en nie nagdiens hoef te doen nie, en ook in baie gevalle moontlik meer geleentheid het om eie inisiatief te neem. Gemeenskapsgesondheidsdiens het ook hoofsaaklik te doen met voorkoming van siektetoestande. Groter belangstelling in hierdie rigting van gesondheidsdienste kan ook waarskynlik toegeskrywe word aan die klemverskuiwing in die jongste tyd van remediërende na voorkomende dienste. Volgens dr. De Beer (1978: 4) sal die begroting vir voorkomende dienste vanaf 2 % in 1978 tot 10 - 15 % van die totale gesondheidsdiensbegroting aan die einde van die eeu styg. "Die begrip gemeenskapsgesondheid is besig om die genesende benadering te vervang", aldus dr. De Beer.

(b) Asiër- en Swart respondente het meer belangstelling as Blankes en Kleurlinge in kraamverpleging.

(c) 'n Groter persentasie Asiër- en Swart respondente as Blankes en Kleurlinge het aangedui dat hulle baie belangstelling in psigiatriese en industriële verpleging het.

(d) Slegs inteater- en chirurgiese verpleging toon Blankes relatief meer belangstelling as die ander bevolkingsgroepe, hoewel nie een van hierdie rigtings baie sterk belangstelling van een van die vier bevolkingsgroepe wek nie.

(e) Indien die belangstellingsrigtings van elke afsonderlike bevolkingsgroep vergelyk word, toon die kleinste persentasie Asiërs belangstelling in ortopediese verpleging terwyl die oorgrote meerderheid (90 % en meer) baie belangstelling in gemeenskapsgesondheidverpleging toon.

Daarenteen is verpleegadministrasie dié belangstellingsrigting waarin slegs 'n relatief klein persentasie Blankes belangstel, terwyl byna 60 % van hulle baie belangstel in chirurgiese verpleging en ongeveer 57 % in gemeenskapsgesondheidsverpleging.

Minder as 20 % van die Kleurlingrespondente stel belang in kankerverpleging, maar hulle belangstelling lê hoofsaaklik in gemeenskapsgesondheidsverpleging (70 %) en daarnaas kraamverpleging.

Ook by Swartes wek kankerverpleging relatief min belangstelling. Ongeveer 26 % het aangedui dat hulle baie belangstelling in hierdie rigting het. Naas gemeenskapsgesondheidsverpleging waarin ongeveer 87 % baie belangstelling toon, wek kraamverpleging en industriële verpleging ook by 'n relatief groot persentasie Swart studente groot belangstelling.

### 4.2.3 *Keuse van werkgewer*

Werkvoorkeure is ontleed vanaf 'n vyfpuntskaal waar 1 aangedui het dat die respondente glad nie by genoemde werkgewer sou wou werk nie, terwyl 3 'n soort van om't ewe-houding vertolk en 5 'n baie sterk voorkeur weergee. Die resultate is verwerk op dieselfde wyse as in paragraaf 4.2.1 beskrywe en word in figure 4.5 en 4.6 grafies voorgestel.

Volgens die groepering van werkgewers met bevolkingsgroepe in figuur 4.5 word die volgende afleidings gemaak:


(a) Al die bevolkingsgroepe gee hoë voorkeur aan gesondheidsklinieke, Blankes ook aan algemene privaathospitale, Kleurlinge, Asiërs en Swart respondente ook aan algemene en kraamopleidingshospitale, provinsiale nie-opleidingshospitale en nywerheidshospitale.

(b) Asiër- en Swart respondente toon min belangstelling in werk by verpleegagentskappe, die gevangenisdiens en die weermag, terwyl Blankes en Kleurlinge min belang stel om in tehuise vir bejaardes en spesiale skole as verpleegkundiges te werk.

(c) Ten opsigte van psigiatriese hospitale, opleidingskolleges, universiteite, navorsingsinstellings, staats-psigiatriese nie-opleidingshospitale, psigiatriese privaathospitale en die bedryf neem Kleurlinge en Asiërs 'n min of meer neutrale houding in.

FIGUUR 4.5

WERKGEWERKEUSE VAN RESPONDENTE




SLEUTEL:


WER 1 = Algemene opleidingshospitaal
WER 2 = Psigiatriese opleidingshospitaal
WER 3 = Kraamopleidingshospitaal
WER 4 = Provinsiale algemene nie-opleidingshospitaal
WER 5 = Staats-psigiatriese nie-opleidingshospitaal
WER 6 = Provinsiale kraam- nie-opleidingshospitaal
WER 7 = Algemene privaathospitaal
WER 8 = Psigiatriese privaathospitaal
WER 9 = Kraam- privaathospitaal
WER 10 = Verpleegagentskap
WER 11 = Gesondheidskliniek
WER 12 = Nywerheidshospitaal
WER 13 = Navorsingsinstelling
WER 14 = Tehuis vir bejaardes
WER 15 = Spesiale skool
WER 16 = Spesiale inrigting/kliniek
WER 17 = Opleidingskollege/universiteit
WER 18 = Bedryf
WER 19 = Gevangenisdiens
WER 20 = Weermag

BL = Blank
AS = Asiër
KL = Kleurling
SW = Swart


1 = Wil glad nie by spesifieke werkgewer werk nie
2 = Gee nie om om by spesifieke werkgewer te werk nie
3 = Wil baie graag by spesifieke werkgewer werk

FIGUUR 4.6

WERKGEWERKEUSE



FIGUUR 4.6 (VERVOLG)



Uit figuur 4.6 word die volgende duidelik:

(a) Die grootste persentasie van die respondente verkies om by gesondheidsklinieke te werk. Hierdie keuse strook met die feit dat die meeste respondente in gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde belangstel.

(b) Dit is slegs ten opsigte van privaat-kraamhospitale dat Blankes relatief tot die ander bevolkingsgroepe 'n groter voorkeur gee.

(c) Tehuise vir bejaardes, gevangenisdiens en spesiale skole is vir al die bevolkingsgroepe 'n betreklik lae prioriteit met betrekking tot werkgewerkeuse.

(d) Naas gesondheidsklinieke verkies Asiërs en Swartes die meeste om in algemene opleidingshospitale en nywerheidshospitale te werk, terwyl Blankes, naas gesondheidsklinieke, verkies om in algemene privaathospitale en Kleurlinge in algemene provinsiale nie-opleidingshospitale en privaathospitale te werk.

## 4.3 TOEKOMSPLANNE NÁ BASIESE OPLEIDING

Om die onmiddellike toekomsplanne van respondente te wete te kom is hulle gevra of hulle beoog om ná verkryging van die basiese kwalifikasie waarmee hulle in 1981 besig was, voltyds verder te gaan studeer en indien nie, 'n aanduiding te gee van hulle voornemens (kyk bylae 1, vraag 11). In tabel 4.1 word dié gegewens saamgevat volgens die opleidingsinstansie wat basiese opleiding aan respondente verskaf het. Figuur 4.7 is 'n grafiese voorstelling van die 1982/83 toekomsplanne van die ondersoekgroep.

Die grootste persentasie van die finalejaarstudente van 1981 (1 536 - 72,9 %) het te kenne gegee dat hulle van voornemens is om gedurende 1982 "voltyds" verder te gaan studeer. Slegs 1 520 het die vraag volledig beantwoord. Van laasgenoemde groep beplan meer as die helfte (59,2 %) om 'n kwalifikasie in kraamverpleegkunde te verwerf. In vergelyking met respondente uit die ander opleidingsinrigtings is daar 'n relatief klein persentasie van die studente in die Oranje-Vrystaat wat wil voortgaan met 'n kursus in kraamverpleegkunde, terwyl 'n relatief groter persentasie belangstel om psigiatriese en gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde te neem.

Van die 452 respondente wat aangedui het dat hulle nie gedurende 1982 voltyds verder gaan studeer nie, het byna drie kwart (70,8 %) óf reeds 'n pos as verpleegkundige aanvaar, óf is nog van voorneme om aansoek te doen om 'n pos in verpleegkunde.

Van die 124 respondente wat reeds 'n pos as verpleegkundige aanvaar het, tree drie uit elke vier (75 %) in diens van provinsiale hospitale. Ongeveer 'n derde van dié wat nie gaan studeer nie (33,9 %), wil deeltyds werk en een uit elke vier (27,3 %) het nie aangedui of hulle voltyds of deeltyds wil werk nie (tabel 4.2). Die feit dat daar 'n groter persentasie respondente is wat deeltyds as dié wat voltyds wil werk, kan 'n aanduiding wees van die groot behoefte wat daar bestaan aan deeltydse poste. Hierdie tendens is kenmerkend van alle beroepe wat hoofsaaklik deur vroue beoefen word.

### 4.3.1 *Toekomsplanne ná voltydse studie in 1982*

Van die 1 536 respondente wat te kenne gegee het dat hulle binne 'n jaar verder gaan studeer, het 67 (4,4 %) nie hulle verdere toekomsplanne aangedui nie. Van die oorblywende 1 463 is die oorgrote meerderheid (87,7 %) van plan om ná 1982 in die verpleegberoep te bly, 11,7 % is nie van plan om te gaan verpleeg nie en slegs 0,6 % is onseker (tabel 4.3). Dit is hoofsaaklik dié wat beoog om 'n ander studierigting as verpleegkunde te volg wat die beroep verlaat. Hoewel die getal respondente wat nie gaan verpleeg nie in die kategorie "kraamverpleegkunde" relatief tot die ander kategorieë groot is, is dit slegs 9,8 % van hulle wat van plan is om ná 1982 uit te tree, met ander woorde die oorgrote meerderheid van eersgenoemde groep beoog om ná voltooiing van hulle gevorderde studies aan te gaan met verpleging.

Indien die respondente wat onmiddellik ná voltooiing van hul basiese studies nie gaan verpleeg nie, getel word by dié wat te kenne gegee het dat hulle ná voltooiing van bykomende opleiding (d.i. ná 1982) nie gaan verpleeg nie, beteken dit 'n verlies van 14,5 % van die 1981-finaliste binne die volgende twee jaar. Indien hierdie tendens sou voortduur, bring dit mee dat die getal verpleegkundiges wat jaarliks opgelei word aansienlik sal moet vermeerder om voorsiening te maak vir hierdie soort verlies asook vir die verlies as gevolg van latere uittredes.

TABEL 4.1

TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE VOLGENS OPLEIDINGSINSTANSIE

| Toekomsplanne | Provinsiale hospitaal | | | | | | | | Staatshospitaal | | Universiteit | | Nasionale staat | | Weermag | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | KPA | | TPA | | NPA | | PAO | | | | | | | | | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| A. Gaan voltyds verder studeer vir kwalifikasie in: | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (a) Kraamverpleegkunde | 328 | 56,1 | 422 | 65,0 | 231 | 68,1 | 6 | 10,7 | 3 | 37,5 | | | 173 | 77,2 | 5 | 83.3 | 1 168 | 59,2 |
| (b) Psigiatriese verpleegkunde | 30 | 5,1 | 29 | 4,5 | 8 | 2,4 | 14 | 25,0 | | | 5 | 4,8 | 3 | 1,3 | | | 89 | 4,5 |
| (c) Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde | 19 | 3,2 | 12 | 1,8 | 4 | 1,2 | 15 | 26,8 | 1 | 12,5 | 24 | 22,9 | 3 | 1,3 | | | 78 | 4,0 |
| (d) B.- of ander graad in verpleegkunde | 9 | 1,5 | 19 | 2,9 | 5 | 1,5 | 5 | 8,9 | | | 6 | 5,7 | 1 | 0,4 | | | 45 | 2,3 |
| (e) Verpleegonderwys | 3 | 0,5 | 4 | 0,6 | 2 | 0,6 | 1 | 1,8 | | | 2 | 1,9 | 11 | 4,9 | | | 23 | 1,2 |
| (f) Ander spesialiteitsrigting | 12 | 2,1 | 20 | 3,1 | 4 | 1,2 | 5 | 8,9 | 1 | 12,5 | 17 | 16,2 | 5 | 2,2 | | | 64 | 3,2 |
| (g) Nie verpleegkunde | 8 | 1,4 | 18 | 2,8 | 7 | 2,1 | | | | | 5 | 4,8 | 1 | 0,4 | 1 | 16,7 | 40 | 2,0 |
| (h) Onseker watter rigting | 3 | 0,5 | 7 | 1,1 | 1 | 0,3 | | | | | 2 | 1,9 | | | | | 13 | 0,7 |
| SUBTOTAAL | 412 | 70,4 | 531 | 81,8 | 262 | 77,4 | 46 | 82,1 | 5 | 62,5 | 61 | 58,2 | 197 | 87,9 | 6 | 100 | 1 520 | 77,1 |
| B. Het reeds 'n pos as verpleegkundige aanvaar by: | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| (a) KPA | 18 | 3,1 | | | | | | | | | 4 | 3,8 | | | | | 22 | 1,1 |
| (b) TPA | 4 | 0,7 | 38 | 5,9 | 2 | 0,6 | | | | | 4 | 3,8 | | | | | 48 | 2,4 |
| (c) NPA | | | 1 | 0,2 | 12 | 3,5 | | | | | 1 | 1,0 | 1 | 0,4 | | | 15 | 0,8 |
| (d) PAO | | | 1 | 0,2 | | | 2 | 3,6 | | | 5 | 4,8 | | | | | 8 | 0,4 |
| (e) Dept. van Gesondheid en Welsyn | | | 1 | 0,2 | | | | | 1 | 12,5 | | | 3 | 1,3 | | | 5 | 0,3 |
| (f) Privaathospitaal | | | | | 3 | 0,9 | | | | | 1 | 1,0 | | | | | 4 | 0,2 |
| (g) Verpleegagentskap | | | 3 | 0,5 | 4 | 1,2 | | | | | 1 | 1,0 | | | | | 8 | 0,4 |
| (h) Weermag | | | 2 | 0,3 | 1 | 0,3 | | | | | 1 | 1,0 | | | | | 4 | 0,2 |
| (i) Gevangenisdiens | | | 4 | 0,6 | | | | | | | | | | | | | 4 | 0,2 |
| (j) Ander privaatinstansie | 1 | 0,2 | 2 | 0,3 | 1 | 0,3 | | | 1 | 12,5 | 1 | 1,0 | | | | | 6 | 0,3 |
| SUBTOTAAL | 23 | 4,0 | 52 | 8,2 | 23 | 6,8 | 2 | 3,6 | 2 | 25,0 | 18 | 17,4 | 4 | 1,7 | | | 124 | 6,3 |
| C. Beoog om aansoek te doen om pos in verpleegberoep | 91 | 15,6 | 35 | 5,4 | 24 | 7,1 | 7 | 12,5 | | | 21 | 20,0 | 18 | 8,0 | | | 196 | 9,9 |
| D. Verlaat verpleegberoep: | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Reeds pos buite verpleegberoep aanvaar | 2 | 0,3 | 2 | 0,3 | | | | | | | | | | | | | 4 | 0,2 |
| Beoog om aansoek te doen om pos buite verpleegberoep | 25 | 4,3 | 15 | 2,3 | 18 | 5,3 | | | 1 | 12,5 | 2 | 1,9 | | | | | 61 | 3,1 |
| Tree uit die arbeidsmag | 32 | 5,5 | 14 | 2,2 | 12 | 3,5 | 1 | 1,8 | | | 3 | 2,9 | 5 | 2,2 | | | 67 | 3,4 |
| SUBTOTAAL | 59 | 10,1 | 31 | 4,8 | 30 | 8,8 | 1 | 1,8 | 1 | 12,5 | 5 | 4,8 | 5 | 2,2 | | | 132 | 6,7 |
| GROOTTOTAAL | 585 | 100 | 649 | 100 | 339 | 100 | 56 | 100 | 8 | 100 | 105 | 100 | 224 | 100 | 6 | 100 | 1 972 | 100 |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | | | | | | | | | | 136 | |


TABEL 4.2

TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT NIE IN 1982 VOLTYDS VERDER GAAN STUDEER NIE

| Toekomsplan | | Voltyds | | Deeltyds | | Voltyds/ Deeltyds nie aangedui nie | | Tree uit arbeidsmag | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % van $N_1$ | N | % van $N_1$ | N | % van $N_1$ | N | % van $N_1$ | N | % van $N_1$ |
| Reeds pos as verpleegkundige aanvaar | N | 43 | 9,5 | 47 | 10,3 | 30 | 6,6 | | | 120 | 26,4 |
| | % | 35,8 | | 39,2 | | 25,0 | | | | 100 | |
| Beoog om aansoek te doen om pos as verpleegkundige | N | 50 | 11,0 | 81 | 17,8 | 47 | 10,3 | | | 178 | 39,1 |
| | % | 28,1 | | 45,5 | | 26,4 | | | | 100 | |
| Reeds pos buite verpleegberoep aanvaar | N | | | | | 7 | 1,5 | | | 7 | 1,5 |
| | % | | | | | 100,0 | | | | 100 | |
| Beoog om aansoek te doen om pos buite verpleegberoep | N | 8 | 1,8 | 19 | 4,2 | 34 | 7,5 | | | 61 | 13,4 |
| | % | 13,1 | | 31,1 | | 55,7 | | | | 100 | |
| Tree nie tot die arbeidsmag toe nie | N | | | | | | | 67 | 14,7 | 67 | 14,7 |
| | % | | | | | | | 100,0 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 101 | 22,2 | 147 | 32,3 | 118 | 25,9 | 67 | 14,7 | 433 | 95,2 |
| | % | 23,3 | | 33,9 | | 27,3 | | 15,5 | | 100 | |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | | | 19 | |

$N_1$ = 455 = Getal respondente wat aangedui het dat hulle nie beoog om binne 'n jaar ná kwalifisering voltyds verder te studeer nie.

FIGUUR 4.7
TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTEGROEP



TABEL 4.3

1983-TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT IN 1982 VOLTYDS VERDER GAAN STUDEER HET, VOLGENS STUDIERIGTING IN 1982

| Beoogde kwalifikasie | | Gaan verpleeg | | Gaan nie verpleeg nie | | Onseker | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % |
| B.-graad | N<br>% | 28<br>68,3 | 2,2 | 11<br>26,8 | 6,4 | 2<br>4,9 | 22,2 | 41<br>100 | 2,8 |
| M.-graad | N<br>% | 1<br>50,0 | 0,1 | 1<br>50,0 | 0,6 | | | 2<br>100 | 0,1 |
| Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde | N<br>% | 75<br>97,4 | 5,8 | 2<br>2,6 | 1,2 | | | 77<br>100 | 5,3 |
| Psigiatriese verpleegkunde | N<br>% | 78<br>91,8 | 6,1 | 7<br>8,2 | 4,1 | | | 85<br>100 | 5,8 |
| Kraamverpleegkunde | N<br>% | 1 089<br>89,8 | 78,6 | 110<br>9,8 | 64,3 | 4<br>0,4 | 44,4 | 1 123<br>100 | 76,8 |
| Verpleegonderwys | N<br>% | 21<br>95,5 | 1,6 | 1<br>4,5 | 0,6 | | | 22<br>100 | 1,5 |
| Pediatriese verpleegkunde | N<br>% | 4<br>100,0 | 0,3 | | | | | 4<br>100 | 0,3 |
| Intensiewe sorg | N<br>% | 6<br>85,7 | 0,5 | 1<br>14,3 | 0,6 | | | 7<br>100 | 0,5 |
| Ander spesialiteitsrigting in verpleegkunde | N<br>% | 44<br>80,0 | 3,4 | 10<br>18,2 | 5,8 | 1<br>1,8 | 11,1 | 55<br>100 | 3,8 |
| Kwalifikasie buite verpleging | N<br>% | 10<br>28,6 | 0,8 | 24<br>68,6 | 14,0 | 1<br>2,9 | 11,1 | 35<br>100 | 2,4 |
| Onseker oor rigting | N<br>% | 7<br>58,3 | 0,5 | 4<br>33,3 | 2,3 | 1<br>8,3 | 11,1 | 12<br>100 | 0,8 |
| TOTAAL | N<br>% | 1 283<br>87,7 | 100 | 171<br>11,7 | 100 | 9<br>0,6 | 100 | 1 463<br>100 | 100 |
| Ongespesifiseerd | | | | | | | | 73 | |

4.3.2 *Toekomsplanne van respondente wat nie binne 'n jaar ná voltooiing van studies as verpleegkundige gaan werk nie*

Respondente wat nie in 1982/83 as geregistreerde verpleegkundiges gaan werk nie het 'n aanduiding gegee van hulle verdere toekomsplanne (tabel 4.4). Van hulle het byna drie kwart (73,6 %) te kenne gegee dat hulle wel een of ander tyd in die toekoms sal verpleeg, hoewel 'n relatief groot groep (35,9 %) onseker was wanneer hulle weer sal gaan verpleeg. Minder as 'n derde (26,4 %) het aangedui dat hulle glad nie van plan is om ooit tot die verpleegberoep toe te tree nie.

Dié groep respondente wat beoog om 'n beroep buite die verpleegberoep te aanvaar of uit die arbeidsmag te tree is versoek om op 'n vyfpuntskaal aan te dui in watter mate verskillende faktore hulle tot hierdie besluit beïnvloed het. Op die skaal verteenwoordig 5 "'n baie sterk invloed" terwyl 1 "geen invloed" aandui.

Hierdie gegewens is verwerk en met behulp van die rekenaarprogram GRAFIES, soos in paragraaf 4.2.1 beskrywe, in figuur 4.4 voorgestel.

Uit figuur 4.4 word afgelei dat die belangrikste faktore wat respondente beïnvloed om die verpleegberoep te verlaat sentreer om onvoldoende salaris en onbevre-

digende werkure en werkomstandighede, ongeag bevolkingsgroep. Indien figuur 4.9 hiermee saam gelees word, blyk dat die eerste twee faktore by Asiërs en Kleurlinge selfs nog 'n groter rol speel as by die ander twee bevolkingsgroepe, terwyl werkomstandighede by Blankes en Kleurlinge in vergelyking met Asiërs en Swartes swaarder weeg.

TABEL 4.4

TOEKOMSPLANNE VAN RESPONDENTE WAT NIE IN 1982/83 GAAN VERPLEEG NIE, VOLGENS KWALIFIKASIE IN 1981 BEHAAL

| Toekomsplanne | Dipl. alg. verpleegkunde | | Geïntegreerde diploma | | B.-graad | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Beoog om tot die verpleegberoep toe te tree: | | | | | | | | |
| Binne 2 jaar | 110 | 27,6 | 16 | 20,3 | 5 | 45,5 | 131 | 26,8 |
| Oor 2 - 5 jaar | 28 | 7,0 | 7 | 8,9 | 1 | 9,1 | 36 | 7,4 |
| Oor 5 - 10 jaar | 7 | 1,8 | 4 | 5,1 | 1 | 9,1 | 12 | 2,5 |
| Heelwat later | 4 | 1,0 | 1 | 1,3 | | | 5 | 1,0 |
| Onseker wanneer | 145 | 36,4 | 30 | 38,0 | | | 175 | 35,9 |
| SUBTOTAAL | 294 | 73,9 | 58 | 73,4 | 7 | 63,6 | 359 | 73,6 |
| Sal nooit tot die verpleegberoep toetree nie | 104 | 26,1 | 21 | 26,6 | 4 | 36,4 | 129 | 26,4 |
| TOTAAL | 398 | 100 | 79 | 100 | 11 | 100 | 488 | 100 |

Van die 129 respondente wat te kenne gegee het dat hulle nooit tot die verpleegberoep sal toetree nie (tabel 4.4) is 86 % Blankes. Gevra wat die belangrikste rede vir hierdie besluit is, het 115 respondente redes verstrek soos in tabel 4.5. aangedui.


TABEL 4.5

REDES WAAROM RESPONDENTE DIE VERPLEEGBEROEP VERLAAT

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Swak salaris | 54 | 47,0 |
| Ongerieflike werkure | 19 | 16,5 |
| Verkies werk buite verpleegberoep | 10 | 8,7 |
| Ontevrede met struktuur van hospitale | 12 | 10,4 |
| Nie meer geïnteresseerd in verpleegkunde nie | 7 | 6,1 |
| Gesin is eerste prioriteit | 4 | 3,5 |
| Ander diverse redes | 9 | 7,8 |
| TOTAAL | 115 | 100 |

FIGUUR 4.8

FAKTORE WAT RESPONDENTE BEÏNVLOED HET OM UIT DIE VERPLEEGBEROEP TE TREE





SLEUTEL:
FAK 1 = Tree in die huwelik
FAK 2 = Gesinsverpligtinge
FAK 3 = Gesondheidsredes
FAK 4 = Werkure in verpleegberoep onbevredigend
FAK 5 = Werkomstandighede in verpleegberoep onbevredigend
FAK 6 = Salaris in verpleegberoep onvoldoende
FAK 7 = Bevorderingsgeleenthede in verpleegberoep onbevredigend
FAK 8 = Pos in eie omgewing nie beskikbaar nie
FAK 9 = Belangstelling in verpleegberoep verloor

1 = Geen invloed
3 = Matige invloed
5 = Baie sterk invloed

BL = Blank
AS = Asiër
KL = Kleurling
SW = Swart

FIGUUR 4.9

REDES WAAROM VERPLEEGKUNDIGES UIT DIE BEROEP BEDANK



Uit tabel 4.5 is dit duidelik dat swak salarisse aangevoer word as die belangrikste rede vir die verlies aan verpleegkundiges. Sedert hierdie ondersoek gedoen is, is aansienlike salarisaanpassings vir verpleegkundiges aangekondig. In die verdere fases van die ondersoek waarin die huidige respondente opgevolg sal word, sal dus bepaal kan word in watter mate die salarisverbeteringe verpleegkundiges tevrede stel en verdere verliese vir die beroep aan bande lê.

4.3.3 *Basis waarop respondente bereid is om te verpleeg*

Hoewel vraag 11.2 in die vraelys (bylae 1) eintlik net betrekking het op persone wat bereid is om deeltyds te werk, het 1 078 respondente aangedui hoeveel uur per week hulle bereid is om te werk en of hulle bereid is om nagdiens en naweekdiens te doen. Uit die getal ure wat sommige respondente aangedui het, blyk dat hulle óf die vraag nie goed begryp het nie óf dat hulle selfs op 'n deeltydse basis bereid is om tot 45 uur per week te werk. Normaalweg word 25 - 30 uur per week as deeltydse werk beskou. In tabel 4.6 word 'n weergawe gegee van die ure per week wat respondente bereid is om te werk volgens die kwalifikasie wat hulle in 1981 behaal het.

Meer as die helfte van die respondente wat hierdie vraag beantwoord het, is bereid om 36 of meer uur per week te werk (53,5 %). In vergelyking met die ander kwalifikasie-kategorieë is 'n groter persentasie van dié respondente wat ingeskryf was vir 'n diplomakursus in algemene verpleegkunde bereid om langer ure te werk (54,6 % teenoor 50,0 % en 29,2 % respektiewelik van die ander twee kategorieë in die ondersoek is bereid om 36 of meer uur per week te werk).

Tabel 4.7 gee 'n aanduiding van respondente se bereidheid om nag- en naweekdiens te doen. Relatief min van die respondente (18,5 % en 21,3 % respektiewelik) is bereid om op 'n deeltydse basis naweke te werk en nagdiens te doen. Dié wat 'n B.-graad-kursus neem is blykbaar die minste bereid om naweke te werk en nagdiens te doen.

Hoewel dit te begrype is dat dit veral vir getroude vroue moeilik is om naweke te werk en nagdiens te doen, is die verpleegberoep ongelukkig van so 'n aard dat pasiënte in die meeste gevalle nie vir naweke of gedurende die nag onversorg gelaat kan word nie. In die keuse van verpleging as beroep sal dus altyd in aanmerking geneem moet word dat werkure met pasiënte nie met die meeste ander beroepe vergelyk kan word nie, en dat daar altyd 'n sekere persentasie van die verpleegkundige se tyd aan die versorging van pasiënte gedurende die nag en naweke gewy sal moet word.

TABEL 4.6

UUR PER WEEK WAT RESPONDENTE BEREID IS OM TE WERK, VOLGENS KWALIFIKASIE

| Uur per week | Dipl.: Algemene verpleegkunde | | Dipl.: Alg/psig/kraam verpleegkunde | | B.-graad | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 6 - 10 | 21 | 2,3 | 3 | 2,0 | 2 | 8,3 | 26 | 2,4 |
| 11 - 15 | 5 | 0,6 | 1 | 0,7 | | | 6 | 0,6 |
| 16 - 20 | 40 | 4,4 | 5 | 3,3 | | | 45 | 4,2 |
| 21 - 25 | 102 | 11,3 | 21 | 13,8 | 1 | 4,2 | 124 | 11,5 |
| 26 - 30 | 171 | 19,0 | 42 | 27,6 | 9 | 37,5 | 222 | 20,6 |
| 31 - 35 | 70 | 7,8 | 4 | 2,6 | 5 | 20,8 | 79 | 7,3 |
| 36 - 40 | 427 | 47,3 | 67 | 44,1 | 7 | 29,2 | 501 | 46,5 |
| 41 - 45 | 66 | 7,3 | 9 | 5,9 | | | 75 | 7,0 |
| TOTAAL | 902 | 100 | 152 | 100 | 24 | 100 | 1 078 | 100 |

TABEL 4.7

RESPONDENTE WAT BEREID IS OM, OP 'N DEELTYDSE BASIS, NAWEKE TE WERK EN NAGDIENS TE DOEN, VOLGENS KWALIFIKASIE

| Kwalifikasie | | | Naweke | | Nagdiens | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | N | % van $N^1$ | N | % van $N^1$ |
| Diploma: | Algemene verpleegkunde | $N^1$ = 1 713 | 325 | 19,0 | 379 | 22,1 |
| Diploma: | Algemene/psigiatriese/kraamverpleegkunde | $N^1$ = 306 | 51 | 16,7 | 55 | 18,0 |
| B.-graad | | $N^1$ = 62 | | | | |
| TOTAAL | | $N^1$ = 2 081 | 385 | 18,5 | 443 | 21,3 |

$N^1$ = Getal respondente wat vraag beantwoord het.

### 4.3.4 *Versoenbaarheid van verpleegberoep met rol van gesinsvrou/moeder*

Respondente is versoek om hulle mening te gee ten opsigte van die versoenbaarheid van die rol van die verpleegkundige met die rol van gesinsvrou/moeder. Op 'n driepuntskaal moes respondente die verpleegberoep vergelyk met meeste ander beroepe. Dié wat 1 gemerk het, is van mening dat verpleging makliker as ander beroepe beoefen kan word saam met die versorging van 'n huis en gesin; 'n 2 dui aan dat daar nie verskil is tussen verpleging en meeste ander beroepe met betrekking tot die dubbele rol van gesinsvrou/moeder en beroepsbeoefenaar nie, terwyl dié wat 'n 3 gemerk het, meen dat die verpleegberoep moeiliker as ander beroepe beoefen kan word saam met die verantwoordelikhede wat 'n huis en gesin van die vrou verg. (Van die 2 108 respondente in die ondersoekgroep het 1 336 - 63,4 % 'n 3 gemerk).

Volgens figuur 4.10 is daar ten opsigte van die laaste twee kategorieë redelike verskil tussen die menings van die verskillende bevolkingsgroepe. Asiërs en Kleurlinge voel min of meer eenders oor hierdie aangeleentheid terwyl daar 'n groot verskil is tussen Blankes en Swartes. Dit is dan ook veral Blankes wat baie sterk voel dat die verpleegberoep moeiliker as ander beroepe versoenbaar is met die rol van gesinsvrou/moeder, terwyl Swart respondente in 'n heelwat minder mate hierdie mening huldig. Oor die algemeen is dit egter duidelik dat respondente dit moeilik sou vind om saam met gesinsverpligtinge ook nog die verantwoordelikhede van die verpleegberoep te dra. Die redes wat respondente aangevoer het vir laasgenoemde mening word in tabel 4.8 aangedui. Die veeleisendheid van die werk saam met gesinsverpligtinge word in 'n mindere mate genoem as rede waarom dié twee rolle nie versoenbaar is nie.

TABEL 4.8

BELANGRIKSTE REDES WAAROM VERPLEEGBEROEP MOEILIKER AS ANDER BEROEPE VERSOENBAAR IS MET ROL VAN GESINSVROU/MOEDER

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Skofwerk | 172 | 6,5 |
| Nagdiens | 523 | 19,8 |
| Naweke en publieke vakansiedae werk | 249 | 9,4 |
| Moeilike werkure/reis in die donker | 838 | 31,7 |
| Veeleisende werk/werk onder groot druk en spanning | 318 | 12,0 |
| Gesinsverpligtinge té groot | 355 | 13,4 |
| Swak salaris relatief tot opoffering en veeleinsendheid | 138 | 5,2 |
| Ander diverse redes | 52 | 2,0 |
| TOTAAL | 2 645 | 100 |

N is groter as die getal respondente in die ondersoekgroep omdat meer as een rede genoem kon word.


FIGUUR 4.10

VERSOENBAARHEID VAN VERPLEEGBEROEP MET ROL VAN GESINSVROU/MOEDER VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

1 = Makliker as meeste ander beroepe

2 = Net so maklik of moeilik as die meeste ander beroepe

3 = Moeiliker as die meeste ander beroepe



## HOOFSTUK 5
## SAMEVATTING

### 5.1 INLEIDING

Die ondersoek vorm deel van 'n breë navorsingsprojek oor die werksituasie en beroepspatroon van verpleegkundiges in die RSA wat gedoen word hoofsaaklik met die oog op beplanning. In hierdie eerste fase van die ondersoek is die 1981-finalejaarstudente betrek. Die 2 108 studente oor wie die verslag handel, het gedurende 1981 'n eksamen afgelê wat sou lei tot 'n eerste basiese registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (die ondersoekgroep is 53,4 % van die universum van studente wat gedurende 1981 eksamen afgelê het).

Die doelstelling van die ondersoek kom op die volgende neer:

(a) om 'n algemene beeld te kry van verpleegkundiges wat tot hulle finale studiejaar gevorder het;

(b) om hulle motivering vir die keuse van verpleegkunde as loopbaan vas te stel;

(c) om 'n oorsig te kry van die belangstellingsrigtings van hierdie verpleegkundiges en

(d) om die onmiddellike toekomsplanne van die studente te ontleed.

Die inligting is deur middel van 'n posvraelys ingesamel.

### 5.2 AGTERGROND

Ongeveer die helfte (47,8 %) van die respondente is Blankes en net meer as 'n derde (35,1 %) is Swartes. Die persentasie Asiër- en Kleurlingrespondente is in verhouding met die bevolkingsamestelling in die RSA (3,4 en 13,6 respektiewelik). Ongeveer twee derdes van die respondente waarvan byna die helfte Swartes is, verkies Engels bo Afrikaans as korrespondensietaal.

Meer as drie kwart van die ondersoekgroep (79,2 %) is ongetroud en hulle mediaanouderdom is 23,0 jaar. Die mediaanouderdom van Swart respondente is hoër as dié van die ander bevolkingsgroepe (25,4 jaar). Slegs 2,4 % van die studente is mans. 'n Aantal het afhanklike kinders, meestal van voorskoolse ouderdom.

Die gades van Blanke en Asiërrespondente beoefen hoofsaaklik professionele, semi-professionele en tegniese beroepe, terwyl dié van Swartes meestal klerke en onderwysers en dié van Kleurlinge ambagsmanne en halfgeskoolde werkers is.

### 5.3 OPLEIDING EN KWALIFIKASIES

Die respondente was gedurende 1981 besig om hulle voor te berei vir een van die volgende kwalifikasies:

(a) 'n Driejarige diploma in algemene verpleegkunde,

(b) 'n Drie-en-'n-halfjarige diploma in algemene en kraamverpleegkunde,

(c) 'n Drie-en-'n-halfjarige diploma in algemene en psigiatriese verpleegkunde,

(d) 'n Vier-en-'n-halfjarige diploma in algemene, kraam- en psigiatriese verpleegkunde,

(e) 'n Baccalaureus-graad in verpleegkunde.

Die toelatingsvereiste vir bogenoemde kursusse is matriek.

Sommige respondente het reeds ander naskoolse kwalifikasies verwerf waarvan die meeste "ingeskrewe verpleegkundige" was.

Die Nie-Blanke bevolkingsgroep was hoofsaaklik ingeskryf vir 'n diploma in algemene verpleegkunde terwyl Blankes hulle in 'n groter mate toelê op die geïntegreerde kursus wat lei tot 'n diploma in al drie basiese kwalifikasies. Van die Blanke respondente was 5,7 % besig met 'n graadkursus maar slegs enkeles van die ander bevolkingsgroepe neem 'n graadkursus. Byna drie kwart van die 1981 finaliste sou gedurende 1982 hulle voltydse studies voortsit in hoofsaaklik kraamverpleegkunde by provinsiale hospitale.

## 5.4 BEROEPSBEOEFENING

Omdat die opleiding vir verpleegkundiges grotendeels indiensopleiding is, beoefen al die respondente reeds dié beroep en is geregistreer as "student-verpleegkundige" totdat hulle volle registrasie kan bekom.

Die faktore wat die grootste rol in die beroepskeuse van respondente gespeel het, was die begeerte om diens te lewer, belangstelling in mense en belangstelling in die verpleegberoep. Daar is nie veel verskil ten opsigte van motiveringsfaktore tussen die bevolkingsgroepe nie.

Die hoof-belangstellingsrigting en keuse van werkgewer van al die bevolkingsgroepe sentreer om gemeenskapsgesondheidsdienste. Daarteenoor toon die respondente oor die algemeen min belangstelling in geriatriese, ortopediese, kanker-, teater- en intensiewe verpleging. Verpleegadministrasie vind veral by Blankes in vergelyking met die ander bevolkingsgroepe relatief min byval.

Byna drie kwart (70,8 %) van die respondente wat nie in 1982 verder sou studeer nie, het reeds 'n pos as verpleegkundige aanvaar of sou nog aansoek doen om só 'n pos. Van die respondente wat reeds 'n pos as verpleegkundige aanvaar het, tree drie uit elke vier in diens van provinsiale hospitale.

Van die respondente wat gedurende 1982 verder sou studeer, was die oorgrote meerderheid (87,7 %) van plan om daarna in die verpleegberoep te bly. Volgens die gegewens kan 'n verlies van 14,5 % van die 1981-finaliste gedurende die volgende twee jaar verwag word.

Die belangrikste faktore wat respondente beïnvloed om die verpleegberoep te verlaat is onvoldoende salaris, onbevredigende werkure en werkomstandighede. Relatief min van die respondente (ongeveer 'n vyfde) het te kenne gegee dat hulle bereid is om op 'n deeltydse basis naweke te werk en nagdiens te doen.

Ongeveer twee derdes van die ondersoekgroep het aangedui dat die verpleegberoep moeiliker as ander beroepe versoenbaar is met die rol van gesinsvrou/moeder. Die redes wat aangevoer word vir hierdie standpunt draai hoofsaaklik om moeilike werkure.

## 5.5 GEVOLGTREKKING

Verbeterde salarisse en diensvoorwaardes is in die jongste tyd vir verpleegkundiges aangekondig. Dit blyk egter duidelik uit die ondersoek dat ernstige aandag aan werkure en werkomstandighede gegee sal moet word om meer gekwalifiseerde verpleegkundiges vir die beroep te behou en jongmense na die beroep te trek.

# CHAPTER 6

## SYNOPSIS

### 6.1 INTRODUCTION

The investigation is part of a broad research project on the work situation and occupational pattern of the nursing profession in the RSA that is done mainly with a view to planning. In this first phase of the investigation the 1981 final-year students were involved. The 2 108 students with whom the report deals, sat for an examination in 1981 that would lead to a first basic registration by the South African Nursing Council (the survey group was 53,4 % of the universum of stüdents who sat for the examination during 1981.)

The aim of the investigation amounted to the following:

(a) to obtain a general picture of the nurses who progressed as far as their final year;

(b) to establish their motivation for choosing nursing as a career;

(c) to obtain an overview of the fields of interest of these nurses; and

(d) to analyse the students' immediate plans for the future.

The information was collected by means of a postal questionnaire.

### 6.2 BACKGROUND

Approximately half (47,8 %) of the respondents are Whites and just more than a third (35,1 %) are Blacks. The percentages of Asian and Coloured respondents are in proportion to the composition of the population in the RSA (3,4 and 13,6 respectively). Approximately two-thirds of the respondents of whom almost half are Blacks, prefer English to Afrikaans as their language for correspondence.

More than three-quarters of the test group (79,2 %) are unmarried and their median age is 23,0 years. The median age of Black respondents is higher than that of the other population groups (25,4 years). Only 2,4 % of the students are men. A number had dependent children, mainly of pre-school age. The husbands of White and Asian respondents mainly follow professional, semiprofessional and technical occupations, while those of Blacks are mostly clerks and teachers and those of Coloureds are artisans and semiskilled workers.

### 6.3 TRAINING AND QUALIFICATIONS

During 1981 the respondents were preparing themselves for one of the following qualifications:

(a) A three-year diploma in general nursing,

(b) A three and a half-year diploma in general and maternity nursing,

(c) A three and a half-year diploma in general and psychiatric nursing,

(d) A four and a half-year diploma in general, maternity and psychiatric nursing,

(e) A bachelor's degree in nursing.

The entrance requirement for the above courses is matric.

Some respondents had already obtained other post-school qualifications, mainly that of "enrolled nurse".

The Non-White population group were mainly enrolled for a diploma in general nursing while Whites to a greater extent concentrated on the integrated course leading to a diploma in all three the basic qualifications. Of the White respondents 5,7 % were taking a degree course but only a few of the other population groups studied for a degree. Almost three-quarters of the 1981 finalists were going to continue their full-time studies during 1982, mainly in maternity nursing at provincial hospitals.

## 6.4 FOLLOWING AN OCCUPATION

Since the training of nurses consists mainly of in-service training, all the respondents are already practising the occupation and are registered as "student nurse" until they can achieve their full registration.

The factors that played the most important role in the choice of an occupation of the respondents were the desire to render service, interest in people and interest in nursing as an occupation. There was not much difference in respect of the motivation factors among the population groups.

The main field of interest and choice of an employer with all the population groups are centred around community health services. The respondents on the other hand reveal little interest in geriatric, orthopedic, cancer, theatre and intensive nursing. Nursing administration is relatively unpopular with Whites in comparison with the other population groups.

Almost three-quarters (70,8 %) of the respondents who did not intend studying further in 1982 had already accepted a post as nurse or would apply for such a post. Of the respondents who had already accepted a position as a nurse, three out of every four entered the service of provincial hospitals.

Of the respondents who intended studying further during 1982, the vast majority (87,7 %) intended staying in nursing afterwards. According to the data a loss of 14,5 % of the 1981 finalists could be expected during the next two years.

The most important factors influencing respondents to leave nursing are inadequate salary, unsatisfactory working hours and conditions of service. Relatively few of the respondents (approximately one-fifth) stated that they were prepared to work on a part-time basis during weekends and to do night duty.

Approximately two-thirds of the survey group indicated that nursing was less easily compatible with the role of housewife/mother than other occupations. The reasons supplied for this point of view centre mainly around inconvenient working hours.

## 6.5 CONCLUSION

Improved salaries and conditions of service for nurses were announced recently. It was clear however from the investigation that serious attention should be devoted to working hours and conditions of work to keep more qualified nurses in the occupation and to attract young people to it.

BYLAE

VRAELYS AAN STUDENTE WAT FINAAL IN DIE VERPLEEGKUNDE KWALIFISEER

Merk asseblief met 'n √ waar van toepassing

Kantoorgebruik

Rekordnommer [ ] [ ] 1-4

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1.1 Van: ..........................................

Voorname: .......................................................

1.2 Adres nadat u gekwalifiseer het: ................................

.......................................... Poskode ..........

1.3 Adres van naasbestaande bv. ouers of ander familielid deur wie u moontlik ook bereik kan word:

.................................................................

Poskode ..........

2 Geboortedatum: Dag ..... Maand ................. Jaar 19......... [ ] [ ] 5-6

3 Geslag: Manlik [ ] 2 Vroulik [ ] 2 [ ] 7

4 Huwelikstaat:

| | | |
|---|---|---|
| Getroud 1 | Nooit getroud 2 | Geskei 3 |
| Wewenaar/Weduwee 4 | | |

[ ] 8

5 Kindertal: (Gee die getal kinders bv. as u 2 kinders onder twee jaar het, skryf [2]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Geen kinders | [ ] | [ ] | 9 |
| Getal kinders onder 2 jaar | [ ] | [ ] | 10 |
| Voorskool 2-5 jaar | [ ] | [ ] | 11 |
| Laerskool 6-12 jaar | [ ] | [ ] | 12 |
| Hoërskool 13-18 jaar | [ ] | [ ] | 13 |
| Naskool besig met opleiding | [ ] | [ ] | 14 |
| Selfwerkend of getroud | [ ] | [ ] | 15 |
| Totaal | [ ] | [ ] | 16 |

6 Eggenoot: Indien u getroud is, wat is u eggenoot/eggenote se beroep? ........................................................ [ ] [ ] 17-18

7 Volksgroep:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Asiër 1 | Blank 2 | Kleurling 3 | Swart 4 |

[ ] 19

8 Burgerskap:

| | |
|---|---|
| RSA | Burger van 'n ander land - spesifiseer ............................................ |

[ ] 20

9 In watter taal verkies u briefwisseling

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 1 |
| Engels | 2 |

[ ] 21

-1-

KWALIFIKASIES EN BEROEP | Kantoorgebruik

10.1 Vir watter kwalifikasie studeer u tans?
........................................................................ 22-23

10.2 Wanneer verwag u om u opleiding te voltooi? .............. .......
Maand Jaar 24-25 26-27

10.3 Kwalifiseer u vir registrasie as verpleegkundige nadat u u huidige kursus voltooi het? Ja [1] Nee [2] 28

10.4 Indien "Nee", hoekom nie? ........................................
........................................................................ 29-30

10.5 Oor watter naskoolse kwalifikasies, indien enige, beskik u reeds? (Verstrek 'n volledige lys van u kwalifikasies.)
........................................................................ 31
........................................................................ 32
........................................................................ 33
........................................................................ 34
........................................................................ 35

11 Beoog u voltydse verdere studie binne 'n jaar nadat u die kwalifi= kasie waarvoor u tans studeer, behaal het? (Beantwoord Blok A of Blok B)

| Blok A | Blok B | Kantoorgebruik |
|---|---|---|
| Ja [1] | Nee [2] | 36 |
| Vir watter kwalifikasie gaan u studeer?<br>..............................<br>..............................<br>Naam van opleidingsinrigting<br>..............................<br>..............................<br>Beoog u om as verpleegkundige te werk nadat u hierdie kwa= lifikasie behaal het?<br>Ja [1] Nee [2] | 1 Het u reeds 'n pos aanvaar?<br>(a) as verpleegkundige Ja [1] Nee [2] Voltyds [3] Deeltyds [4]<br>Rang: ..............................<br>Naam van werkgewer ................<br>..................................<br>(b) buite die verpleegberoep Ja [1] Nee [2] Voltyds [3] Deeltyds [4]<br>Beroep: ..........................<br>Naam van werkgewer: ................<br>..................................<br>2 Indien u nog nie 'n pos aanvaar het nie, beoog u<br>(a) om nie tot die arbeidsmag toe te tree nie? Ja [1] Nee [2] | 37-38<br>39-40<br>41<br>42<br>43<br>44-45<br>46<br>47-48<br>49-50<br>51 |

-2-

Vraag 11 (Vervolg)

Kantoorgebruik

| | |
|---|---|
| | (b) om nog aansoek te doen<br>(i) as verpleegkundige?<br>Ja [1] Nee [2] Voltyds [3]<br>Deeltyds [4] — 52<br>Beoogde werkgewer: ................<br>.................................. — 53-54<br>(ii) buite die verpleegberoep?<br>Ja [1] Nee [2] Voltyds [3]<br>Deeltyds [4] — 55<br>Beoogde beroep .................... — 56-57<br>Beoogde werkgewer .................<br>.................................. — 58-59 |

11.2 Indien u deeltyds wil werk,

(a) hoeveel uur per week is u bereid om te werk .............uur — 60-61

(b) is u bereid om naweke te werk Ja [1] Nee [2] — 62

(c) Is u bereid om nagdiens te doen Ja [1] Nee [2] — 63

12 Dui op die skaal aan in watter mate ELKEEN van die onderstaande aspekte ŉ invloed gehad het op u besluit om verpleging as beroep te kies.

Indien u van mening is dat ŉ sekere aspek ŉ baie sterk invloed uitgeoefen het, merk u 5 √. Indien die aspek nie heeltemal so ŉ sterk invloed gehad het nie, sou u 4 √ merk

| | Invloed | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Gemid=deld | | Sterk | |
| Aanbeveling van ouers of familie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 64 |
| Aanbeveling van beroepsvoorligter | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 65 |
| Invloed van vriende | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 66 |
| Invloed van verpleegkundige werwingsbeampte | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 67 |
| Belangstelling in mediese wetenskap | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 68 |
| Belangstelling in verpleegberoep | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 69 |
| Belangstelling in mense | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 70 |
| Begeerte om met siek mense te werk | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 71 |
| Begeerte om diens te lewer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 72 |
| Begeerte om kennis oor te dra | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 73 |
| Omdat dit ŉ beroep is waaraan vergoeding verbonde is tydens opleiding | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 74 |

13.1 Wat is u spesifieke belangstellingsrigting in verpleging? Merk op onderstaande 5-puntskaal by elke rigting hoe sterk u belangstelling is.

Kantoorgebruik

M 138 1
76-80

Rek.nr.
1-4

| | Belangstelling | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | Gemid= deld | | Sterk | |
| Mediese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 5 |
| Chirurgiese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| Pediatriese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 7 |
| Geriatriese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 8 |
| Ortopediese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 9 |
| Intensiewe sorg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 10 |
| Teater | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 11 |
| Kankerverpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 12 |
| Kraamverpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 13 |
| Psigiatriese verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 14 |
| Gemeenskapgesondheid= sorg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 15 |
| Industriële verpleging | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 16 |
| Verpleegadministrasie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 17 |
| Verpleegonderwys | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 18 |
| Navorsing | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 19 |

13.2 Waar sou u graag wou werk? (Merk op die onder= staande 5-puntskaal by elke werkgewer u voor= keure:

| | | Glad nie | | Gee nie om nie | | Baie graag | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Opleidingshospitaal: | (a) Algemeen | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 20 |
| | (b) Psigiatries | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 21 |
| | (c) Kraam | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 22 |
| Provinsiale of staats- nie-opleidingshospitaal | (a) Algemeen | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 23 |
| | (b) Psigiatries | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 24 |
| | (c) Kraam | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 25 |
| Privaathospitaal | (a) Algemeen | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 26 |
| | (b) Psigiatries | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 27 |
| | (c) Kraam | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 28 |
| Verpleegagentskap | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 29 |
| Gesondheidskliniek of ander gemeenskapsgesond= heidsdienste | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 30 |
| Nywerheidshospitaal | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 31 |
| Navorsingsinstelling | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 32 |
| Tehuis vir bejaardes | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 33 |
| Spesiale skool bv. skool vir epileptici | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 34 |
| Spesiale inrigting of rehabilitasiesentrum bv. vir alkohol- of ander afhanklikes | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 35 |
| Kollege of universiteit vir verpleegkundiges | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 36 |
| Handel en nywerheid | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 37 |
| Gevangenis | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 38 |
| Weermag | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 39 |

Kantoorgebruik

13.3 Dink u dat die beroepsverpligtinge van die verpleegkundige versoenbaar is met die rol van gesinsvrou en/of moeder?

| | | |
|---|---|---|
| Ja, makliker as die meeste ander beroepe | 1 | |
| Ja, net so maklik of moeilik as die meeste ander beroepe | 2 | 40 |
| Nee, moeiliker as die meeste ander beroepe | 3 | |

13.4 Indien u meen dat die verpleegberoep moeiliker versoenbaar as ander beroepe met die rol van gesinsvrou en/of moeder is, gee kortliks die belangrikste rede vir u sienswyse:

............................................................... 41-42

............................................................... 43-44

............................................................... 45-46

13.5 Indien u beoog om 'n beroep buite die verpleegberoep te aanvaar of nie tot die arbeidsmag toe te tree nie, merk op onderstaande 5-puntskaal hoe sterk elke oorweging u besluit beïnvloed het:

| (Indien u beoog om gedurende 1982 voltyds te studeer of 'n betrekking in verpleegkunde te aanvaar, moet u nie vraag 13.5 beantwoord nie) | Geen invloed | | Matige invloed | | Baie sterk invloed | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Tree in die huwelik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 47 |
| Gesinsverpligtinge (versorging van klein kinders) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 48 |
| Gesondheidsredes | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 49 |
| Werkure in die verpleegbroep pas my nie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 50 |
| Werksomstandighede in die verpleegberoep is onbevredigend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 51 |
| Salaris in die verpleegberoep is onvoldoende | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 52 |
| Bevorderingsgeleenthede in verpleegberoep is onbevredigend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 53 |
| Kan nie 'n pos as verpleegkundige in my omgewing kry nie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 54 |
| Het belangstelling in verpleging verloor | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 55 |

13.6 Indien u nie binne die volgende jaar as verpleegkundige gaan werk nie, beoog u om later tot die verpleegberoep toe te tree?

| | | |
|---|---|---|
| Ja, oor minder as 2 jaar | 1 | |
| oor 2-5 jaar | 2 | 56 |
| oor 5-10 jaar | 3 | |
| heelwat later | 4 | 57-58 |
| onseker wanneer | 5 | |
| Nee | 6 | |

13.7 Indien u beoog om nooit tot die verpleegberoep toe te tree nie, gee die belangrikste rede vir u besluit

...............................................................

............................................................... M 138 2 76-80

DANKIE VIR U SAMEWERKING

# BRONNELYS


1 AUSTRALIAN GOVERNMENT. Nursing personnel: A national survey. *Report of the committee on Nursing Personnel Survey* Vol 1, 1979. (Australian Government Publishing Service, Canberra.)

2 BRUWER, M.E. Motivering in verpleging. *S.A. Nursing Journal* February 1970 : 15.

3 CALMAN. Verplegingskroniek. *S.A. Nursing Journal* May 1972 : 10.

4 DE BEER, J. Gesondheidsorg onder een dak. (Openingstoespraak by geleentheid van die Tweede Internasionale Verpleegsimposium) *Verpleegnuus* Mei 1978 : 4.

5 DE BRUYN, C. Landwye tekorte kom nou aan die lig: Noodstappe in hospitale. *Beeld* 20 Desember 1980 : 1.

6 FRALIC, M.F. Nursing shortage: coping today and planning for tomorrow. *Hospitals* May 1 1980 : 65-67.

7 KNOPF, L. *RN's one and five years after graduation: a report of the nurse career-pattern study.* New York: National League for nursing, 1975.

8 SMIT, P., KOK, P.C. *Bevolkingsverspreiding in die RSA, 1970-1980: Ontledings van die voorlopige 1980-sensusgegewens.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Oktober 1981.

9 STUMPF, R. *en* DU TOIT, S.H.C. *Grafiese voorstelling van kwalitatiewe data met behulp van ooreenstemmingsanalise.* Interne lesing aan RGN amptenare, 1982

10 WHITE, C.H. Where have all the nurses gone and why? *Hospitals* May 1 1980 : 68-71.

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere instituut van die RGN kan van die President van die Raad verkry word.

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
# HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL


| | | |
|---|---|---|
| President | Dr. J.G. Garbers | President |
| Vise-presidente | Dr. P. Smit, Prof. D.J. Stoker, Dr. J.C. van der Walt, Dr. J.D. Venter | Vice-Presidents |
| Direkteur: Administrasie | J.G.G. Gräbe | Director: Administration |
| Skakelhoof | Dr. M.J. Bekker | Chief PRO |


### Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, bevorder en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

## Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)

Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)

Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)

Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)

Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)

Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)

Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)

Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)

Administrasie

### Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-0893

### Streekkantore

Windhoek, Posbus 23050, Windhoek 9100
Tel. (061) 3-1233

Wes-Kaap, Privaatsak 40, Parow 7530
Tel. (021) 92-1026

Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926

### Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, promotes and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

## Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)

Institute for Educational Research (IER)

Institute for Historical Research (IHR)

Institute for Manpower Research (IMAN)

Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)

Institute for Research Development (IRD)

Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)

Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)

Institute for Statistical Research (ISR)

Bureau for Research Support Services (BRSS)

Administration

### Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-0893

### Regional offices

Windhoek, P.O. Box 23050, Windhoek 9100
Tel. (061) 3-1233

Western Cape, Private Bag 40, Parow 7530
Tel. (021) 92-1026

Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926

ISBN 0 86965 944 8